

Ons roeping tot diens en getuienis in eenheid

'n Teologiese grondslag
vir die NG Kerkfamilie se
missionêre bedienings

Medewerkers

Redaksie

Johan Botha
Hannes Knoetze
Eddie Orsmond
Willie van der Merwe
Hennie van Deventer

Ander lede van die projekspan

Donald Gantana
Andries Hoffman
Klippies Kritzinger
Piet Meiring
Victor Pillay
Botha van Aarde
Gideon van der Watt
Attie van Niekerk

Inhoudsopgawe

Voorwoord	6
1. Op weg met diens en getuienis in eenheid	8
1.1 'n VDDG projek	8
1.2 Die storie kring uit	9
1.3 Ekumeniese gesprek	9
1.4 Breër missionêre beweging	10
1.5 Geskiedenis en beleid	10
1.6 Raamwerk vir die boek	13
1.7 Formaat van die werkboeke	16
1.8 Erkenning van ons wortels	17
2. Die NG Kerkfamilie se geskiedenis van diens en getuienis in eenheid ('n voëlvlugoor sig)	18
2.1 Dit kom van ver af	18
2.2 Betrokkenheid by <i>diens en getuienis</i>	19
2.3 Ideologie steek kop uit	20
2.4 Die jonger kerke skop teë	21
2.5 Wat is sending? (1986)	22
2.6 Konsekwensies van 'n sendingdefinisie	27
2.7 Dramatiese wendings in die 1990s	27
2.8 Fokus op gemeentelike aksies	28
2.9 'n Nuwe era breek aan	29
2.10 Verenigde bediening vir diens en getuienis	33
2.11 Ons roeping tot diens en getuienis in eenheid	34
2.12 Verhouding tussen VDDG en SAVGG	35
2.13 Saam as vennote in en vanuit Afrika	36
3. Bybelse en teologiese begroning van die VDDG beleidsdokument	37
3.1 Agtergrond vir die beleidsdokument	37
3.2 Sending van die Drie-enige God	38
3.2.1 Ons roeping kom uit die hart van God	39
3.2.2 Die wese van God	39
3.2.3 Uitgenooi na 'n nuwe wêreld	40
3.2.4 God se omvattende heil	42
3.3 Christus se sending	43

3.3.1	Christus versamel en stuur die kerk	43
3.3.2	Christus bewerk omvattende heil	47
3.3.3	Gestaltes van die heil – Koninkryk en wederkoms	48
3.4	Gestuur in die krag van die Heilige Gees	50
3.4.1	Die identiteit en doel van die kerk se bestaan	50
3.4.2	Die gemeente se lewe en bediening	52
3.4.3	Die aard en gesindheid van ons getuienis	59
3.4.4	Praktiese riglyne vir die uitleef van ons roeping	60
3.5	Diens en getuienis in eenheid	67
4.	Hoe doen ons prakties <i>diens en getuienis in eenheid</i>	69
4.1	Zoleka se verhaal	69
4.2	Die konteks van ons <i>diens en getuienis in eenheid</i>	70
4.3	Gestaltes van die kerk	73
4.3.1	Die erediens	73
4.3.2	Die gemeente	78
4.3.3	Die kerkverband	83
4.3.4	Die ekumeniese kerk	86
4.3.5	Die individu	88
4.3.6	Vrywillige inisiatiewe en aktiwiteite	88
4.3.7	Die gesin	89
5.	Die pad vorentoe	91
5.1	Die fokus van die boek	91
5.2	Hoe gaan ons nou verder?	91
5.3	Kommer	92
5.4	Aptytwekker	92

Lys van afkortings

ADD	Algemene Diensgroep vir Diensgetuienis
ACVV	Afrikaanse Christen Vrouevereniging
AIC	African Initiated Church
AKDB	Algemene Kommissie vir Diens van Barmhartigheid
AKGA	Algemene Kommissie vir Getuienisaksie
AKSE	Algemene Kommissie vir Sending en Evangelisasie
ASKDD.....	Algemene Sinodale Kommissie vir Diakonale Dienste
ASSK	Algemene Sinodale Sendingkommissie
CAB.....	Christelike Afhanklikheidsbond
CAD	Christelike Afhanklikheidsdiens
CRCNA	Christian Reformed Church of North America
CRWRC	Christian Reformed World Relief Committee
GB.....	Geïntegreerde Bedieningsmodel
KGA	Kommissie vir Getuienisaksie
MVO.....	Memorandum van Ooreenkoms
NBI	Nehemia Bybelinstituut
NGK	Nederduits Gereformeerde Kerk
NGKA.....	Nederduits Gereformeerde Kerk van Afrika
NGKSA	Nederduits Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
NGSK.....	Nederduits Gereformeerde Sendingkerk
PSD.....	Predikant in Sinodale Diens
RCA	Reformed Church in Africa
SAVGG	Suid-Afrikaanse Vennootskap van Gestuurde Gemeentes
SKGA.....	Sinodale Kommissie vir Getuienisaksie
TIW	Toerustingsburo vir Interkulturele Werkers
UNISA	Universiteit van Suid-Afrika
UWK.....	Universiteit van Wes-Kaapland
VDDG.....	Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis
VGKSA.....	Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika

Voorwoord

“Gaan dan...”

Met sy hemelvaart het die Here Jesus vir sy dissipels twee merkwaardige dinge gesê. Matteus vertel hoe Jesus sy dissipels na 'n berg in Galilea geneem het, waar Hy van hulle afskeid geneem het. Dit was 'n vreemde groepie wat Hom daar ontmoet het. Hulle was, soos ons, doodgewone mense. Die ongelooflike gebeure van die afgelope weke – Jesus se arrestasie, sy kruisiging en veral sy opstanding – het deur hulle koppe gemaal. Hulle het nie presies geweet wat om daarvan te maak nie. Party het selfs getwyfel. Maar vir hulle én vir ons het Jesus die dubbele boodskap gehad (Matt 28:18-20):

Sy eerste boodskap was: *“Aan My is alle mag gegee, in die hemel en op die aarde”*. Die dissipels moes weet: Jesus is die Seun van God, wat deur sy Vader gestuur is om die geweldige offer te bring waardeur die wêreld gered sou word. Maar Jesus is ook die Here, die Een aan wie alle mag in die hemel en op die aarde gegee is. Met sy hemelvaart het Jesus op die troon aan die regterhand van sy Vader gaan sit. Die leisels van die geskiedenis, alles wat op aarde gebeur het en in die toekoms nog gáán gebeur, is in sy hande.

Terwyl Petrus en sy vriende nog verstom gestaan het oor die wete dat hulle Meester die Heer van hemel en aarde is, het Jesus vir hulle die tweede boodskap gegee: *“Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels...”* Daarmee het Jesus hulle die grootste denkbare kompliment gegee: Hy het hulle genooi om sy medewerkers te wees! Hy was besig om sy Ryk te vestig, maar wou dit nie sonder hulle doen nie. Hy het hulle as ambassadeurs van sy Ryk aangestel, wat mense uit alle nasies op aarde aan hulle Koning moes voorstel. En, het Jesus beloof, hulle sou nooit alleen wees nie. Deur sy Gees sou Hy met hulle wees om hulle te begelei en te ondersteun, vir altyd, tot Hy weer kom.

Dit is waaroor hierdie boek handel: oor die drie-enige God, die Vader, Seun en Gees, wat by ons wêreld betrokke is. Oor die Vader wat die Seun gestuur het, oor die Seun wat sy Gees gestuur het – én ook oor ons, wat deur God by sy werk op aarde betrek word, om die boodskap

van sy liefde aan al die nasies te verkondig én te demonstreer. Om te praat én te doen. Om te getuig én te dien.

Die afgelope jare het verteenwoordigers vanuit al vier lidkerke van die NG Kerkfamilie sáám 'n Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis gevorm, om met mekaar oor ons verstaan van God en van sy sending op aarde, asook ons opdrag en mandaat om sy verteenwoordigers op aarde te wees, te beraadslaag.

Deur die jare het die besef al sterker en sterker gegroei: nie een van ons, of ons kerke, kan die taak alléén behartig nie. Ons kan dit nie sonder mekaar doen nie. Ons kan eers iets van die ondeurgrondelike liefde van die Here begin verstaan as ons dit sáám met mekaar ontdek (Ef 3:18). En daar is geen manier waarop ons die wêreld van die werklikheid van Jesus se liefde kan oortuig as ons dit nie ook as één groep, saam met mekaar doen nie (Ef 3:18). Ons is oor en oor deur Jesus se gebed vir sy dissipels aangegryp: “Vader, Ek bid dat hulle een mag wees... sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het” (Joh 17: 21).

Dit was vir ons 'n groot bron van inspirasie en bemagtiging dat terwyl die eenheidsproses in die NG Kerkfamilie nog nie voltooi is nie, ons diensgroep wat die banier van diens en getuienis in die NG Kerkfamilie omhoog moet hou, dit as één groep met 'n onherroeplike verbintenis met die Here én ook met mekaar kon doen.

Dis ons gebed dat predikante en lidmate in al ons sinodes en gemeentes hierdie boek sal lees en bespreek en gebruik. Mag die Here ook die NG kerkfamilie opnuut na sy berg neem, om ons na sy dubbele boodskap te laat luister.

Reuben Massisi

Piet Meiring

(mede-voorsitters van die VDDG)

Hoofstuk 1

Op weg met Diens en Getuienis in Eenheid

Die boek in jou hand is **die eerste publikasie** in 'n reeks, *Ons roeping tot diens en getuienis in eenheid*. Die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis van die NG Kerkfamilie (VDDG) beoog om 'n reeks werkboeke te ontwikkel vir die kerk se verskillende missionêre bedienings op grond van hierdie boek.

Hierdie boek beskryf die teologiese grondslag vir die konsep van *diens en getuienis in eenheid* en is dus die inleiding tot die reeks. Dié konsep vorm die grondslag vir die VDDG se prakties-teologiese besinning oor die NG Kerkfamilie se uitreikbedienings. Die samestellers hoop die boek sal leraars en lidmate help om die konsep te verstaan en hulle entoesiasies maak om dit in hulle eie bedieningskring toe te pas.

Die storie van hierdie publikasie en die beoogde reeks werkboeke begin by 'n besluit van die NGK se Algemene Sinode in 2007. Dié sinode het die totstandkoming van die VDDG en die beleidsdokument oor *diens en getuienis in eenheid* goedgekeur. Die Algemene Diensgroep vir Diensgetuienis (ADD) van die NGK is versoek om met die teologiese besinning voort te gaan in samewerking met die ander drie kerke in die NG Kerkfamilie. (Handelinge 2007:95)

1.1 'n VDDG projek

Die ADD het dié besluit na die VDDG geneem wat 'n **projekspan** aangewys het. Dit het gou duidelik geword dat die VDDG se eie verhaal deel van die besinning oor die konsep behoort te wees.

Die besinning is in vier afdelings verdeel en vir elke afdeling is 'n subgroep aangewys met verteenwoordigers van al vier die meewerkende kerke. Die vier subgroepe moes aandag gee aan:

- 1.1.1 Die geskiedenis van die VDDG en die ontwikkeling van die teologiese basisdokument;
- 1.1.2 Die Bybelse begroning vir die konsep van *diens en getuienis in eenheid*;

- 1.1.3 Die hantering van die konsep in die teologie;
- 1.1.4 Die neerslag van hierdie Bybelse en teologiese besinning in die praktyk van die kerk se bedieninge.

1.2 Die storie kring uit

Die opdrag het verder behels dat **die konsep diens en getuienis in eenheid** aan sinodes bekendgestel word. Die VDDG het die beleidsdokument gestuur na die verskillende sinodes se *diens-en-getuienisbedienings* en hulle gevra om self te besluit hoe hulle dit aan gemeentes in die onderskeie sinodale gebiede wil bekendstel.

Die KGA van Kaapland wat 'n verenigde aksie van die NGK (Wes- en Suid-Kaapland), die VGKSA (Kaapland) en die RCA (nasionaal) is, het in Mei 2010 'n konferensie daarvoor gehou. Daar is aandag gegee aan die geskiedenis en teologiese begroning van die proses en model, asook wat die Bybel daarvoor leer en hoe dit tans in praktiese bedienings neerslag vind en verder uitgewerk kan word. 'n Groot getal ringsverteenwoordigers, sowel as verteenwoordigers van die teologiese fakulteite, het die konferensie bygewoon.

Gesprekke oor die konsep en 'n gesamentlike bediening het intussen ook in ander sinodale gebiede op gang gekom, byvoorbeeld: Namibië, KwaZulu-Natal, Hoëveld, Noordelike Sinode en Noord-Kaap.

1.3 Ekumeniese gesprek

Die werk van die projekspan is verder verryk deur 'n daglange werkswinkel met mnr Andrew Ryskamp, uitvoerende hoof van die **Christian Reformed World Relief Committee (CRWRC)** van die Christian Reformed Church of North America (CRCNA). Die CRWRC is die wêreldsendingorganisasie van die CRCNA. Hulle het vroeër deur 'n soortgelyke proses gegaan om die idee van *diens en getuienis in eenheid* te konseptualiseer en in werking te stel.

Die werkswinkel was baie insiggewend. Dit het die projekspan oortuig dat 'n program bestaande uit 'n reeks werkboeke nodig sal wees om die konsep van gesamentlike diens en getuienis in al vier kerke in die NG Kerkfamilie te vestig. Die afsonderlike werkboeke moet die verskillende praktiese aspekte van die model verder ontwikkel. Dit sal op gemeentes

se bediening fokus met voorbeelde uit die praktyk en voorstelle doen vir moontlike projekte. Hierdie inleidende boek moet die werkboeke voorafgaan en 'n oorsig gee van die model.

1.4 Breër missionêre beweging

Dit het mettertyd duidelik geword dat die besinning oor die konsep *diens en getuienis in eenheid* as deel van die kerk se bediening **raakvlakke** het met die werk wat in ander taakspanne van die NGK se Algemene Sinode gedoen word (en via die VDDG ook in die ander kerke van die NG Kerkfamilie). 'n Paar voorbeelde is die besinning oor 'n missionêre ekklesiologie, die gesprek oor evangelisasie, die Kerk-in-Konteksprojek, die taakspan oor diversiteit en nadenke oor Publieke Getuienis (soos die ACCRA projek oor globalisering en ekonomiese geregtigheid).

Dit het ons laat beseft dat hier eintlik sprake is van 'n gedeelde teologiese grondslag en breër missionêre beweging, eerder as 'n afgebakende en finale bedieningspraktyk. Daarom identifiseer hierdie reeks twee kategorieë bedieningsgestaltes, naamlik: bedieninge wat deel vorm van die VDDG werksaamhede, asook voorbeelde van bedienings wat elders gegroei het, maar dieselfde teologiese grondslae vertoon.

1.5 Geskiedenis en beleid

Die **samestelling** van die inleidende boek, asook die beoogde reeks praktiese werkboeke, is gebaseer op **twee belangrike faktore**. Die eerste faktor is die historiese ontwikkelingsproses wat uitgeloop het op die vorming van die VDDG. Die tweede belangrike faktor vir die raamwerk van die boek is die beleidsdokument wat die teologiese grondslag vir die eenheidstruktuur van die VDDG verwoord.

Die beleidsdokument is deel van die historiese ontwikkeling en vorm as't ware die kulminasiepunt van 'n proses van teologiese besinning en praktiese bedieningsontwerp. Dié dokument funksioneer hier op tweeledige wyse. Dit bied beide die teologiese rasionaal vir die prakties-teologiese model van diens en getuienis én voorsien die teologiese raamwerk vir voortgaande teologiese besinning en praktykontwikkeling. Omdat die beleidsdokument sentraal staan in hierdie proses, word dit hier ook sentraal geplaas in die inleidende hoofstuk.

VDDG Beleidsdokument

Die verstaan van ons roeping tot diens en getuienis in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika, die Reformed Church in Africa en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika is gebou op 'n geskiedenis van samewerking in en gesamentlike besinning oor ons roeping. Belangrike bakens op hierdie weg was die volgende:

- *die artikels en beleide oor sending en barmhartigheidsdiens in die kerkordes van die onderskeie kerke,*
- *die Belydenis van Belhar (1986),*
- *die gesamentlike werksdefinisie van sending in die NG kerkfamilie (1986),*
- *die Laudium Verklaring van die RCA (1990),*
- *die Verklaring van Intensie (AKDB/ASKDD - 2004),*
- *die Verklaring oor sending en ons roeping tot getuienis in en vanuit Afrika (2004),*
- *die NGK se roepingsverklarings (2002, 2004), ensovoorts.*

In Augustus 2006 het die leierskap van hierdie familiekerke hul opnuut in 'n verbondsverbintenis verbind tot die hereniging van die familiekerke. Hierdie verbintenis hou ook 'n herverbintenis tot 'n eenheidsroeping van diens en getuienis in en vanuit Suider Afrika in.

Ons getuig oor:

1. DIE SENDING VAN GOD DRIE-ENIG

1.1 Die kerk se roeping tot diens en getuienis in eenheid vloei voort uit die wese van die Drie-enige God. Die diepste wese van God word gekenmerk deur verbond, uitreik, selfopenbaring, wederkerigheid, verhouding, eenheid – God is liefde en deernis (*Deus caritas est*), immer soekende na gemeenskap. Die handeling van God, soos geopenbaar in die skepping, die Skrif en die geskiedenis, word gestempel deur God se liefde vir die wêreld. God rig 'n uitnodiging tot mense om toe te tree tot 'n nuwe wêreld – 'n Trinitariese ruimte, waarin die Drie-enige God van gemeenskap se genade en sorg betoon en alles nuut- en heelgemaak word (*Missio Trinitatis Dei*)

1.2 Die sending van diens en getuienis is 'n uitdrukking van die Drie-enige God se liefde en deernis, waarin die omvattende heil (shalom) na alle mense en die hele skepping gebring word.

(Eks 3:7-8, Eks 5-6, Eks 34:6-9, Ps 146:6-10, Luk 4:18-19, Joh 17:11, 17, 20-23, Matt 28:18-20, Hand 1:8, 1 Joh 4:7-14, Ef 4:17, Op 21:5)

2. CHRISTUS SE SENDING

- 2.1 Die Vader het die Seun na die wêreld gestuur om God se kerk te versamel uit alle nasies en om ons in die krag van die Heilige Gees uit te stuur na die wêreld. (Joh 3:16-17, Joh 20:21-22)
- 2.2 Die heil wat Christus bewerk is alles-omvattend. Dit sluit in die vergewing van ons sondes, ons verlossing op alle lewensterreine, sowel as die bevryding van die skepping. God se verlossing van die wêreld kry gestalte in die koms (aanbreek) van God se Koninkryk, hier en nou. Hierdie Koninkryk sal egter eers volledig aanbreek met die wederkoms van Christus, wanneer alles nutgemaak word en alle nasies God sal verheerlik (Eseg 47:12, Op 22:2, 21:1-5).

3. IN DIE KRAG VAN DIE HEILIGE GEES WORD DIE KERK GESTUUR

- 3.1 Dit is 'n wesenskenmerk van die kerk as die liggaam van Christus ons Here en Verlosser, om deel te wees van God se sending in die wêreld (*missio ecclesiae*). Die gemeente, as plaaslike gestalte van die kerk en primêre instrument van God se sending, maar ook die kerk as geheel en elke lidmaat daarvan, is deur God gestuur. Afhanklik van en gelei deur die Heilige Gees, is ons as profete, priesters en konings geroep:
- 3.1.1 tot 'n lewe in die teenwoordigheid van God (*coram Dei*), in gehoorsaamheid aan die Woord;
- 3.1.2 tot 'n bediening waarin ons God aanbid en intree vir die wêreld (*leitourgia*);
- 3.1.3 om die evangelie van God se verlossing aan almal te bedien, deur woorde (*kerugma*), deur daade (*diakonia*) en in 'n verhouding van liefde en eenheid (*koinonia*);
- 3.1.4 om te streef na geregtigheid, versoening en heling en te getuig van die hoop waarin ons lewe;
- 3.1.5 en om die skepping te bewaar en te bewerk tot eer van God en terwille van almal en alles wat daarin lewe.

Ons doen dit met die diepste motief om God te verheerlik en diensbaar te wees in die koms van die Koninkryk (Rom 12:1-2, Ef 1:10 ev).

(Matt 4:23-25, 5:13-16, 9:35-38, 10:7-8, 28:18-20, Luk 6:17-19, 9:1-6, 10:25-37 Joh 20:19-22, Hand 1:8, Heb 3:1, 1 Pet 2:9-10, 1 Pet 3:15)

- 3.2 Die sending van diens en getuienis vind plaas waar ons as kerk, deur die krag van die Heilige Gees, in geloofwaardigheid, gehoorsaamheid en in navolging van Christus, met deernis en in dienslewering, in nederigheid, maar ook met 'n vaste oortuiging, getuig van God se liefde vir die wêreld. In die uitreik na alle mense word telkens nuwe grense oorgesteek en is diens en getuienis nie van mekaar los te maak nie.

- 3.3 Ons is geroep tot diens en getuienis in en vanuit Suider Afrika, om:
- 3.3.1 dit waartoe God ons in en vanuit hierdie konteks roep, biddende en saam met ander te onderskei en te gehoorsaam.
- 3.3.2 met deernis te luister na al die stemme wat uitroep om verlossing van sondes en bevryding van verslawing, vrees, honger, siekte, pyn, geweld, en onreg - lyding in alle dimensies,
- 3.3.3 'n profetiese stem te laat hoor en priesterlik diensbaar in die verligting van die nood van mense in al ons gemeenskappe te wees.
- 3.3.4 ons ryk en diverse erfenis - tale, kulture, gewes, bydraes en die groot potensiaal van al die mense in Suider Afrika - te respekteer, uit te bou en te vier.
- 3.3.5 in betekenisvolle vennootskapsverhoudinge met ander kerke, ekumeniese liggame en regerings- en nie-regeringsinstansies te tree
- 3.3.6 en deur middel van respekvolle dialoog met mense van ander gelowe en oortuigings oor ons geloof in die Drie-enige God te getuig.
4. As geloofwaardige draer van hierdie Goeie Nuus (Ewangelie) is die kerk tot eenheid geroep - om in dieselfde eenheidsgestalte as die Drie-enige God, Vader Seun en Heilige Gees, te leef en te werk: *"Ek druk dit julle op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het. Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. Lê julle toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal en in almal woon."* (Ef 4:1-6)

1.6 Raamwerk vir die boek

Die raamwerk vir die indeling van die **onderskeie afdelings** in hierdie boek en uiteindelik ook vir die beoogde werkboeke is gebaseer op die beleidsdokument. Die vier hoofstukke van die boek fokus deurentyd op die konsep van *diens en getuienis in eenheid* in die lig van die beleidsdokument. Elke hoofstuk bou verder uit op die formulering van die konsep *diens en getuienis in eenheid* soos dit in die teologiese formulering van die beleidsdokument ingebed is.

1.6.1 Hierdie **eerste hoofstuk**

- a) stel die teologiese beleidsdokument wat reeds in die vier meewerkende kerke goedgekeur is aan die orde;
- b) verduidelik die metodologie van die beoogde reeks werkboeke.

Lesers moet deurentyd die **beleidsdokument** én **artikel 4** van die ooreenkoms wat die VDDG begrond (**MVO**) saam met die onderskeie hoofstukke lees.

Die beleidsdokument se inleidende paragraaf gee vir ons die historiese ankerpunte op die gesamentlike reis in die vorming van die VDDG. Daaronder tel artikels en beleide in kerkordes van die meewerkende kerke, werksdefinisies, teologiese verklarings en belydenisse.

Dié lys word in September 2008 duideliker uitgespel in die MVO wat deur die VDDG opgestel is. Artikel 4 stel dat die werk van die VDDG begelei en beïnvloed word deur:

- Die drie Formuliere van Eenheid,
- Die Belydenis van Belhar (1986),
- Die *Laudium Declaration* (1990),
- Die *Joint Declaration of Intent* (AKDB/ASKDD - 2003),
- Die NGK se roepingsverklarings (2002, 2004),
- Die *Declaration on mission and our calling to witness in and from Africa* (2004).

Hierdie breë grondslag moet deurentyd erken word.

1.6.2 **Hoofstuk 2** vertel die onstaansgeskiedenis van die VDDG en die beleidsdokument. Dit help die leser om die pad te verken waarlangs die NG Kerkfamilie gekom het om die eenheidstruktuur van die VDDG te vorm.

In hierdie hoofstuk hoor ons die storie van belangrike byeenkomste op die pad, rigtinggewende besluite en fundamentele teologiese konsepte. Dit is ook die verhaal oor die skryf van die teologiese grondslag vir die model van *diens en*

getuienis in eenheid as 'n gesamentlike bediening van die kerke in hul uitreik na die wêreld met die evangelie van Jesus Christus.

Die hoofstuk fokus ook op die teologiese denkraamwerk en historiese konteks waarteen die VDDG ontwikkel het. Ons leer ken die dokumente waarin die gebeure aangeteken is.

1.6.3 **Hoofstuk 3** gee vervolgens inhoudelik aandag aan die beleidsdokument as die teologiese begroning vir die konsep van *diens en getuienis in eenheid*.

Die hoofstuk ondersoek die Bybelse en teologiese uitgangspunte in die dokument. Dit bied die VDDG se verstaan van ons roeping tot *diens en getuienis in eenheid* aan in terme van die drie perspektiewe daarop in die beleidsdokument. Ons fokus op die kerngedagtes en bespreek dit aan die hand van die Bybeltekste wat die beleidsdokument aangee.

Die beleidsdokument beklemtoon eerstens dat ons roeping tot *diens en getuienis in eenheid* voortvloei uit die wese van God. Sy diepste wese word gekenmerk deur liefde, deernis en 'n soeke na gemeenskap en geregtigheid. Dit is die diepste grondslag van sending.

Die tweede deel beklemtoon dat Christus gestuur is om die kerk te versamel en uit te stuur na die wêreld toe. Die heil wat Christus bewerk is allesomvattend.

Die derde deel dui aan dat God se sending in die wêreld deur die kerk geskied. Daarom is sending ook 'n wesenskenmerk van die kerk. Die hele kerk, tot by elke lidmaat is deur God gestuur. Ons gaan kyk dus wat hierdie gestuurdheid van die kerk prakties beteken volgens die Bybel.

1.6.4 **Hoofstuk 4** vra hoe ons *diens en getuienis in eenheid* prakties doen. Dit fokus op die praktiese bediening van die VDDG en hoe die model van *diens en getuienis in eenheid* reeds in die praktyk gestalte vind.

Die aanbidding stel die wye verskeidenheid bedienings waarby die VDDG betrokke is aan die orde. Ons doen dit met behulp van 'n ekklesiologiese raamwerk met verskillende gestaltes van die kerk waarin *diens en getuienis in eenheid* prakties beoefen word:

1. Die erediens (aanbidding / liturgie);
2. Die gemeente;
3. Die kerkverband;
4. Die ekumeniese kerk;
5. Individuele gelowiges;
6. Vrywillige inisiatiewe en aktiwiteite;
7. Die gesin.

Die hoofstuk verduidelik hoe bedienings, strukture en programme binne die VDDG raamwerk in elkeen van hierdie gestaltes funksioneer.

1.7 Formaat van die werkboeke

Die beoogde werkboeke sal verder uitbou op hoofstuk 4, maar meer na spesifieke temas kyk. Die kwessies wat in die ontwikkelingsgang van die VDDG na vore gekom het sal die bedieningsfokusse bepaal waarop ons die aandag moet vestig. Dit sal sake wees wat reeds geïdentifiseer is as sleutelkwessies vir die kerke se bediening ten opsigte van *diens en getuïenis in eenheid*. Die beplanning is om ten minste agt werkboeke oor die volgende temas te ontwikkel:

- Die teologie van *diens en getuïenis in eenheid* en die Bybelse begroning daarvoor;
- Geregtheid in die wêreld;
- Vennootskapsvorming vir hierdie bedienings;
- Dialoog en evangelisasie;
- Die eenheid van die kerk van Christus;
- Versoening;
- Ekologie;
- Diakonaat / Maatskaplike welsyn.

Ons hoop dat die werkboeke gemeentes sal help om binne hul plaaslike konteks bedienings te ontwikkel waarvan daar elders reeds voorbeelde is. Ander gemeentes se stories kan dien as riglyn en onderrigmateriaal.

Die werkboeke sal bestaan uit gevallestudies, riglyne en praktiese wenke vir implementering.

1.8 Erkenning van ons wortels

Ons verstaan die aanbieding van die model vir *diens en getuienis in eenheid* in hierdie boek en die beoogde praktiese werkboeke as 'n herinterpretasie van die historiese bedienings van die NG Kerkfamilie deur Diens van Barmhartigheid en Getuienis (sending). Daar is duidelike verbande met die manier waarop ons voorgangers gewerk het, maar daar is ook nuwe elemente wat in die hedendaagse konteks aandag moet kry en waarvoor ons nuwe strategieë moet ontwikkel.

Ons wil die dienswerk van ons voorgangers met waardering vier en saam as NG Kerkfamilie hande vat met die ekumeniese kerk om God se Koninkryk te laat kom.

Hoofstuk 2

Die NG Kerkfamilie se geskiedenis met Diens en Getuienis in Eenheid ('n Voëlvlugoorsig)

Die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis (VDDG) is in Oktober 2006 gebore. Verteenwoordigers van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika en Namibië se diens-en-getuienisbedieninge het by Good Shepherd, by die Hartbeespoortdam buite Pretoria ontmoet. Hulle het reeds by hierdie stigtingsvergadering die naam en gerigtheid van die VDDG bepaal. Die beleidsdokument wat ons in hoofstuk 1 van hierdie boek bekendstel as grondslag vir die VDDG se werk is aanvaar en 'n basiese reglement vir die werk is goedgekeur. Twee jaar later, in September 2008, het die VDDG ook 'n Memorandum van Ooreenkoms (MVO) aanvaar wat die bedieningsooreenkoms tussen die vier kerke begrond. Al vier die kerke in die familie (VGKSA, NGKA, RCA en NGK) het hierdie ontwikkelinge intussen by hulle verantwoordelike kerkvergaderings goedgekeur.

2.1 Dit kom van ver af

Die storie van die VDDG kom egter van ver af. Dit is 'n storie waarin al vier kerke in die familie 'n belangrike rol speel. Die sterkste stukrag om ons almal tot by hierdie punt te kry het egter van die jonger susters in die familie gekom.

Daar was tye wat die vier kerke nie die Bybel se boodskap oor die bestaan en getuienis van die kerk eenders verstaan het nie. Sedert die 1980's het ons egter by verskeie belangrike konferensies saam na die Bybel geluister, saamgebied en saamgedink. Dit het ons gehelp om te groei na die gedeelde visie en praktyk van die VDDG.

Tans is ons grootste uitdaging om dieselfde ontwikkeling deur te voer na ander vlakke van die kerklike struktuur. Dit moet posvat in die in plaaslike gemeentes en streeksinodes. Dit moet in die stad en in die platteland ontwikkel. So sal ons diens-en-getuienisbedienings groei tot lof van die Here.

As ons hierdie ontwikkelings ten volle wil waardeer, moet ons eers mooi kyk na die pad waarlangs ons gekom het. Dan sal ons ook die nuwe uitdagings reg kan beoordeel.

2.2 Betrokkenheid by Diens en Getuienis

Die NG Kerkfamilie was nog altyd omvangryk betrokke in ons onmiddellike konteks en verder weg.

2.2.1 *Getuienis in ander lande*

Die NGK het deur sy hele bestaan wyd uitgereik. So het die VGKSA, die NGKA en die RCA in Suid-Afrika ook ontstaan. Dit het verder gelei tot susterskerke in Malawi, Mosambiek, Zimbabwe, Zambië, Botswana, Swaziland, Lesotho, Namibië, Kenia en Nigerië. Daar was ook uitreikaksies buite Afrika.

Dit is belangrik om te onthou dat inheemse gelowiges by baie van hierdie uitreike 'n kardinale rol gespeel het. Daar word soms na hulle verwys as “trailblazers”. Hulle was voorlopers wat die pad vir die evangelie oopgemaak het. Tolke, ouderlinge, evangeliste, inheemse leraars, dikwels ook vroue. 'n Bekende voorbeeld is die sewe evangeliste wat die evangelie na die Shona-sprekendes in Zimbabwe geneem het voordat 'n geordende predikant betrokke geraak het.

Hierdie uitreike het verskillende behoeftes aangespreek. Evangelisasie het gewoonlik voorop gestaan. Daarmee saam het hulle egter ook die Bybel in baie tale vertaal en geestelike literatuur geskep. Hulle het baie klem gelê op onderwys en van primêre tot tersiêre inrigtings gevestig. Deur die Here se genade het hulle mediese en paramediese dienste verskaf, klinieke en hospitale opgebou. Hulle het dowes, blindes en wese versorg, en ook die landbou en tegnologie ontwikkel.

2.2.2 *Federale Raad van NG Kerke*

Deur hierdie ywer het 'n familie van onafhanklike kerke in Suidelike en Sentraal-Afrika ontstaan, met historiese en belydenisbande en 'n gedeelde roeping. Hierdie sendingmodel van selfstandige, onafhanklike kerke het in 1964 gelei tot die stigting van 'n Federale Raad van NG Kerke. Dit moes in 'n federale band uitdrukking gee aan die konsep van 'n “familie van kerke”.

Vanweë ernstige teenkating uit die jonger susterskerke het die Federale Raad egter vroeg in die 1990's ophou funksioneer. Die spesifieke vorm van eenheid en lewe, wat dominant in die Federale Raad voorgestaan is, was eenvoudig nie meer aanvaarbaar nie.

2.2.3 Omgebedienings

Dit was egter nie net die sending in ander lande wat aandag gekry het nie. Plaaslik het die onderskeie selfstandige kerke sterk omgebedienings in hulle eie kontekste gevestig. Mense wat hiervoor geroep en toegerus is, het diakonale en barmhartigheidsdienste op sinodale vlak bestuur. Hulle het dienste en infrastruktuur op groot skaal gevestig, gewoonlik in noue samewerking met gemeentes.

Die NG Kerkfamilie se maatskaplikediensorganisasies was teen die einde van die 20ste eeu van die grootste voorsiener van maatskaplike-welsynsdienste in die RSA. Die jonger susterkerke was egter dikwels aangewese op maatskaplikewelsynsdienste as voorwerpe van die "Moeder se sending". Tog het hulle ook 'n eie spontane dienswerk ontwikkel en is bedieninge en institute gevestig.

Uiteindelik het die onderskeie kerke verskillende institute vir dowes, blindes, weeskinders, gestremdes en verslaafdes tot stand gebring. Hulle het ook maatskaplike werk en gemeenskapsontwikkeling geïnisieer. Hierdie dienste voorsien steeds landwyd liefde en sorg aan groot getalle mense.

Die Here seën inderdaad al hierdie goeie werk ryklik.

2.3 Ideologie steek kop uit

Daar is egter ook 'n ander kant van die verhaal wat ons aandag vra. Daar het 'n tyd gekom toe die ideologie van apartheid 'n baie sterk invloed uitgeoefen het op die NGK se diens-en-getuienisbediening. Op een stadium het die sendingsekretaris van die Vrystaatse NGK selfs in 'n publikasie gepraat van "ons sendingbeleid van apartheid".

Heelwat navorsing is al gedoen oor die rol van die sendingbeleid van 1935 op die NGK se teologiese regverdiging van apartheid. Dit was ook bepalend vir ons verstaan van die kerk, sy bedienings en die Christelike lewe.

Matt 28:16-21 is beskou as die groot opdrag om na al die nasies toe te gaan en om aparte, inheemse Kerke te plant vir elke volksgroep. Ander tekste wat 'n deurslaggewende rol gespeel het, was Gen 1:25, Deut 32:8 en Hand 17:26. Daaruit is onveranderlike skeppingsordeninge of natuurwette afgelei wat die vestiging van verskillende volkskerke sou regverdig.

Sogenaamde dogterkerke is dus geplant met die ideaal dat hulle deur die sogenaamde moederkerk tot aparte, onafhanklike en inheemse kerke begelei sou word.

Dié uitgangspunte het nie alleen die sending nie, maar ook die barmhartighedsbedieninge van die NGK bepaal. Dié bedieninge is hoofsaaklik gerig op die sosiale opheffing van die Afrikanermense. Dit het ander rasse dikwels uitgesluit.

Teen hierdie agtergrond het die NGK uiteindelik gekom by die punt waar barmhartigheidswerk verstaan is as werk onder sy eie “wit” lidmate, terwyl die diakonale en sosiale werk onder die “swart” gemeenskappe beskou is as deel van die sending. Hierdie beskouing het tot aan die einde van die 1970's oorheers.

2.4 Die jonger kerke skop teë

Aan die begin van die 1980's het daar 'n sterk reaksie gekom teen hierdie beskouing van sending en barmhartigheidswerk. Dit het die proses begin wat uiteindelik sou lei tot die vestiging van die VDDG.

Die jonger susterkerke het 'n stryd gevoer om bevry te word van die “Moeder” se voogdyskap. Hulle wou loskom van die NGK se beskouings oor die verstaan van die Bybel en die kerk. Die jonger susters het kerklike selfstandigheid ontwikkel. Dit het hulle kritiese stemme al hoe duideliker laat weerklink. Rigtinggewende denke het ontwikkel.

Die sendingbeleid van die NGK en die rol van die sendelinge is toenemend bevraagteken. Dit was op daardie stadium 'n wêreldwye tendens. Baie sendelinge moes hulleself aan bedieningsgebiede en jonger kerke onttrek. Die saak het ook by ons kerkfamilie sterk op die voorgrond gekom. Daar was 'n sterk aandrang dat die sendingbeleid van die NGK weer besoek moet word. Die bagasie van 'n ideologiese verstaan van sending (getuienis) en barmhartighedsdiens moes afgegooi word.

Die jonger kerke het reeds in die 1960's heelparty duidelike besluite geneem oor die egte Bybelse ekklesiologie. In die 1970's het die kritiese stem al sterker geword. Dit was egter veral in die vroeë tagtigerjare wat verskillende belangrike dokumente geformuleer is. In 1982 het die ekumeniese kerk, en toe ook die NGSK, die verklaring van die staat van belydenis uitgereik. Daarna het die NGSK ook die Belydenis van Belhar geformuleer (1982), wat uiteindelik in 1986 deur hulle sinode aanvaar is.

Hierdie voorbeelde wys hoe die jonger suterkerke hulle verset het teen die sendingbeleid wat vir baie lank aparte, onafhanklike kerke gepreek, begrond en goedgepraat het.

2.5 “Wat is sending?” (1986)

In April 1986 het 'n waterskeidende konferensie in Bellville plaasgevind. Die tema was: “*Wat is sending?*” Die NGSK se SKGA en die Departement Missiologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) het die byeenkoms gereël. Hulle het die hele NG Kerkfamilie se sendingwerk en opleiding binne en buite Suid-Afrika daarby betrek. Saam het 50 mense vanuit ons binnelandse en wyer Afrika kerkfamilie besluit ons kan en mag nie langer sending of getuieis afsonderlik van mekaar bedryf nie.

2.5.1 Hoe staan sake?

Saam het ons *krities gekyk* na ons onderskeie kerke se geskiedenis met sending, getuieis, evangelisasie en barmhartigheidswerk. Die stand van sake binne die NGK, NGKA en die NGSK het onder die vergrootglas gekom. Ons het oor die geldende vertrekpunte en definisies besin. Ons het opnuut gaan kyk na die invloed van die NGK se sendingbeleid van 1935. Ons het die mensbeskouings en bedieningspraktyke wat daaruit voortvloei nagegaan en ingesien hoe ons almal daardeur geraak is. Ons het 'n openlike, eerlike en moeilike debat daarvoor gevoer. Hannes Adonis het duidelik gemaak hoe dié sendingbeleid meegehelp het om die muur van skeiding, wat Christus afgebreek het, weer in ons konteks op te bou. Daarteenoor het Dawid Snyman gestel dat ons kerklike *veelvormigheid* Bybels kan begrond en dat dit *grensbepalend* vir die sigbare bestaan van die kerk is. Uiteindelik het David Bosch beklemtoon dat sending uit God drie-enig spruit as die *Missio Dei* en dat sending prinsipiële *grensoorskrydend* is. Daarvoor was daar uiteindelik konsensus.

Ons het ingesien dat 'n belangrike deel van ons sending met ons openbare bestaanswyse te doen het. Dit lê reeds in die hart van ons eie kerkwees. Stanley Jones, kenner van die Asiatiese godsdienste, het ons tot dié insig gelei. Hy het gesê: “The non-Christian faiths carry on reform as they move away from their base, the Christian faith as it moves towards its base” (S Jones 1928, “*Christ at the round table*”).

2.5.2 Die fokus van sending

Toe ons na die *fokus van sending* kyk, het ons saamgestem dat sending, evangelisasie en barmhartigheid saamhoort. Ons het duidelik besef dat ons breër moet kyk en ons getuieniswerk in meer omvattende en insluitende kategorieë moet verstaan.

Ons het nagedink oor die voorbeeld van bekende sendelinge deur die eeue. Hulle betrokkenheid by publieke protesaksies was opvallend en rigtinggewend:

- William Carey se protes teen suikerinvoere vanaf die Wes-Indiese plantasies;
- William Wilberforce en die Londense Sendinggenootskap se protes teen slawerny in Brittanje;
- Die protes teen die kastestelsel in Indië;
- Christian Blumhardt van die Baselse Sendinggenootskap se aksie teen die verontregting van swart mense;
- Henry Venn van die *Church Missionary Society* se keuse om tussen die verdrukkers en verdruktes te gaan staan.

Al hierdie voorbeelde is pogings om vrede en geregtigheid, billikheid en versoening, te help bevorder. Hulle doel was om God se *sjalom* te help bewerk. Hulle wou die totale werklikheid help verander volgens God se wil. Daarmee wou hulle deelneem aan die uitbreiding van God se Koninkryk. Dit was op geen manier 'n kwessie van wegbeweeg van die sentrum van die Christelike geloof nie. Dit was eerder 'n definitiewe beweging na die sentrum toe. Dit was immers ook hoe Jesus self opgetree het (vgl Luk 4:18-19).

Die verteenwoordigers by die 1986 konferensie is opgeroep om *in Jesus se voetspore* te volg. Dit beteken ons moet ons oor die “Samaritane” en heidene ontferm, sondaars en uitgeworpenes ontvang. Ons het dus die verantwoordelikheid om Jesus se werk voort te sit:

verkondiging, genesing, onderwys, ywer vir geregtigheid en vrede, die afbreek van skeidsure van vooroordeel en diskriminasie (Joh 20:21). In nuwe tye sal ons dit dalk op nuwe maniere doen, maar in wese bly dit dieselfde opdrag.

“Sending (getuienis) is dus baie meer as die red van siele, baie meer as die vertaling van die Bybel in nuwe tale, baie meer as die planting van jong kerke. Sending (getuienis) is al hierdie dinge – natuurlik – maar dit is ook baie meer as al hierdie dinge” (Bosch).

In 'n gegewe konteks kan sending evangelisasie wees – óf genesing, óf ontwikkeling, óf profetiese getuienis, óf sosiale aksie, óf projekte vir geregtigheid en vrede, óf diakonale hulp, of kombinasies hiervan. Die een is nie meer of minder missionêr as die ander nie.

Daar is saamgestem dat al hierdie sendingbedieninge kernfasette van die *Missio Dei* is.

Sending (getuienis) het dus *tegelyk* te doen met die planting en vernuwing van die kerk, die bou van 'n gemeenskap op die beginsels van die evangelie, *én* die oorstek van grense (geografies, godsdienstig, kultureel, ideologies; ook grense van sosiale klas, ras, taal, etniese groep, kerklike denominasie). Dit gaan nie oor die een of die ander nie. Die een kom ook nie voor die ander nie.

Daarvoor het ons eerstens mense nodig. Kleipotte volgens 2 Kor 4:7. Lote wat vrugte dra volgens Joh 15. Ambassadeurs volgens 2 Kor 5:20. Tweedens het ons ook middele en hulpmiddele nodig. Geloof is 'n middel. Die hulpmiddele kan verskillende vorms aanneem: kommunikasiekanale, media-netwerke, finansies, toewyding, vindingrykheid. Derdens is insigte en inligting ook belangrik. Ons moet van mekaar leer. Ons moet die samelewing verstaan. Ons moet die historiese en ideologiese magte wat ons beïnvloed goed begryp.

Ons moet weet dat ons nie eerstens kerkmense is nie, maar Koninkryksmense (Matt 6:33). Ons moet dié twee goed van mekaar kan onderskei.

Sending (getuienis) is “die Fees van die Epifanie (van Jesus se heerskappy) wat op 'n wêreldskaal gevier word” (Bosch). Dit is die fees “... van die Dienskneg wat heil, genesing, bevryding, versoening en

geregtigheid bring waar ongelooft, uitbuiting, diskriminasie en geweld wil oorneem.”

Die 1986 konferensie het in dié lig 'n nuwe *werksdefinisie vir sending* daargestel.

- Dit het die drie-enige God as die eintlike outeur van die sending onderskei.
- Ons het saam ons eie diepe skuld bely aan die onenigheid en apartheid in ons eie geleedere. Ons het bely dat juis dit die Here se sending in ons konteks ongelooftwaardig maak. Die toetsteen vir ons sending, het ons bely, hang saam met die hereniging van ons eie kerkfamilie.
- Ons het onderneem om op 'n nuwe pad saam met mekaar te begin loop. 'n Pad waarop ons, in kerk en staat, die skeidsmure tussen ons sal begin afbreek.

In die vroeëre verstaan van sending het ons grense opgerig tussen mense en groepe. Nou het die oorsteek van grense die nuwe beginsel van sending geword!

2.5.3 Werksdefinisie vir Sending (1986)

Die volledige werksdefinisie vir sending lui:

A. Ons glo dat:

1. Sending volgens die Bybel God se Sending is en dat Hy as Vader, Seun en Heilige Gees die Subjek daarvan is.
2. In die Sending God die heil (*sjalom*) van die wêreld op die oog het en dat Hy dit deur die realisering van sy Ryk wil bereik. Sending gee uitdrukking aan God se bewoënhed oor en heilsplan vir die wêreld in al sy dimensies.
3. Die Vader hiervoor sy Seun in die wêreld gestuur het om deur die Seun sy kerk te versamel en in die wêreld in te stuur in die krag van die Heilige Gees.
4. Die kerk as liggaam van Christus na sy wese missionêr in die wêreld leef. Die Kerk in sy geheel en elke gelowige afsonderlik staan onder die opdrag van God om in afhanklikheid van en in gehoorsaamheid aan die Heilige Gees:
 - 4.1 die bediening van die voorbidding vir die wêreld te beoefen;
 - 4.2 die evangelie van God se heil, deur woord en daad, aan die hele mensheid te bedien;

- 4.3 die aarde in God se Naam te bewerk en te bewaak ter wille van dié wat daarop woon.
5. Die heil wat deur Christus verwerf is, allesomvattend is en dus tesame met die vergewing van sondes ook die bevryding van die mens op alle lewensterreine sowel as die skepping wil bewerk. Sending vind plaas waar die kerk in gehoorsaamheid aan en in navolging van Christus bewoë is oor en dienend betrokke is by die mens en die wêreld in al die vorms van sy nood.
6. Dat die bediening van God se heil aan hierdie wêreld daarin tot uitdrukking kom dat God sy Ryk reeds hier en nou bou. Sy Ryk sal egter by die wederkoms van Christus ten volle verwerklik word.
7. Dat daar 'n onlosmaaklike verband is tussen die geloofwaardigheid van die een kerk as draer van die evangelie en die bediening van die heil in Christus (Joh 17:11).

B. Dit beteken dat

ten opsigte van die NG Kerk-familie in Suider-Afrika, en in hierdie tye veral in Suid-Afrika waar die liggaam van Christus deur haat, geweld en wedersydse vooroordeel uitmekaar gedryf word:

1. die eenheid van die kerk dié toetssteen vir die getuieis aangaande die Koninkryk van God is;
2. die kerk die beginsels van die Koninkryk van God in sy eie lewe moet beliggaam en in die samelewing moet bevorder;
3. hierdie eenheid impliseer dat eenwording binne die NGK Familie sowel op plaaslike as op breër vlak dringend gesoek moet word en dat dit sowel in die gemeenskapsbelevens van gelowiges op gemeentelike vlak as in die breër strukture van die Kerk bewerkstellig moet word om sodoende ook die bostaande isolasie te deurbreek;
4. hierdie eenheid ook daadwerklik met liefde vir die res van die liggaam van Christus gesoek moet word.

C. Ons bely dat

in die lewe van die NG Kerkfamilie in die verlede en tans daar 'n sondige verskeurdheid is wat deur die geskiedenis loop en 'n gebrek aan bereidheid om mekaar te aanvaar soos Christus ons aanvaar het. Die eenheid van die kerk het op hierdie wyse in gedrang gekom. Hierdie skuld moet bely word in die diepe besef van die verskriklike moontlikheid dat as gevolg van ons optrede die Naam van God deur die heidene belaster word (Rom 2:24). Here wees ons genadig!

D. Ons verklaar

1. ons ootmoediglik bereid om in gehoorsaamheid aan Christus, te midde van die gebrokenheid op alle vlakke van die kerklike lewe, die weg na mekaar te

soek, mekaar se laste te dra waar ons klagtes teen mekaar het (Gal 6) en mekaar te vergewe soos die Here ons ook vergewe het (Kol 3:13).

2. ons verder bereid om te werk vir die afskaffing van apartheid en die totstandkoming van 'n regverdige bestel vir Suid-Afrika.

E. Ons gebed is

dat op hierdie manier die wêreld die tekens van die Koninkryk van God sal sien en tot geloof kom en ons doen 'n dringende beroep op die NG Kerkfamilie om aan hierdie saak ernstig aandag te gee.

(Goedgekeur tydens die NG Kerkfamilie uit Afrika konferensie oor "Wat is Sending?" - April 1986, Bellville.)

2.6 Die sendingdefinisie het konsekwensies

Die interaksie binne die NG Kerkfamilie het by tye baie stram geraak. Die debat en refleksie in die NGK was na binne gekeer. Die kerk se boek, *Ras, volk, nasie en volkereverhoudings in die lig van die Skrif*, het in die 1970's baie deure laat toeklap. Die gevolg was isolasie.

In die 1980's het die NGK begin om 'n nuwe rigting in te slaan met die publikasie van *Kerk en Samelewing*. Dit het nog nie die Belydenis van Belhar en bg werksdefinisie vir sending in aanmerking geneem nie. Die werklike kentering het eers aan die begin van die 1990's gekom. Uiteindelik het die NGK haar rol erken in die voorsiening van 'n teologiese basis vir die ideologie van apartheid. Die kerk het haar aktiewe deelname aan die implementering en instandhouding van apartheid as sonde bely.

In dié tyd het die NGK haarself verbind aan 'n proses van hereniging met die NG Kerkfamilie. Die ou sendingbeleid is verander om die 1986 werkwinkel se formulering in te sluit. Die koloniale sendingera (soos sommige dit noem) was verby! 'n Periode van onttrekking uit die tradisionele sendingvelde het hierdie wending bevestig.

2.7 Dramatiese wendings in die 1990's

Op 27 April 1994 het volwaardige demokrasie 'n werklikheid geword in die RSA. Die eerste demokratiese verkiesing het plaasgevind. Almal in ons mooi land kon daaraan deelneem.

Veertien dae vantevore is die VGKSA in Belhar gevorm. Die vreugde van hierdie gebeurtenis is egter gedemp toe gemeentes uit die voormalige NGKA besluit het om die NGKA formeel voort te sit. Daarvoor het hulle

uiteindelik ook die rugsteun van die land se hooggeregshof gekry. Ernstige spanning het tussen die VGKSA en die voortgesette NGKA ontstaan.

Pogings tot die hereniging van die NG Kerkfamilie het intussen met rukke en stote gevorder. Ons gaan dikwels twee treë vorentoe – en dan weer 'n tree of twee terug. Vir baie mense het die Belydenis van Belhar 'n struikelblok vir hereniging geword. Diep wonde is in die proses geslaan, ernstige skeuring het ontwikkel. Die situasie is basies nog onopgelos. Moeilike knope moet steeds ontrafel word. Maar tans pak die kerke die uitdagings saam aan.

Die RCA, die kleinste van die susterkerke in die NG Kerkfamilie, het deur die jare 'n unieke bediening in die Indiërgemeenskap ontwikkel. Vir hulle getuënis, veral onder Moslems en Hindoes, was dit van groot belang dat hul identiteit as 'n evangeliese-gereformeerde kerk bevestig en deur die NG Kerkfamilie erken sou word. Daarom het hulle dié identiteit in die *Laudiumverklaring* uitgespel. Dit is vir dié kerk van wesensbelang.

Daarmee het dit klaarblyklik ook 'n uitdaging geword om verskillende spiritualiteite in een familie te huisves. As susterkerke wat op weg is met kerkhereniging moet ons natuurlik nog aanhou soek na 'n gedeelde spiritualiteit. Dit moet gebeur terwyl ons algaande ook nog die pynlike en hartseer nalatenskap van apartheid hanteer.

2.8 Fokus op gemeentelike aksies

Aan die einde van die 20ste eeu het daar nog 'n ander fokusverskuiwing plaasgevind. Vir 'n baie lang tyd het ons diens-en-getuënisbedienings 'n geïnstusionaliseerde karakter gehad. Dit is hoofsaaklik deur sinodes onderneem onder leiding van voltydse sinodale amptenare. Gemeentes het eweredige bydraes gemaak tot die befondsing. In dele van die NG Kerkfamilie het daar 'n grootskaalse wending gekom. Die fokus vir diens-en-getuënisbedienings het verskuif na aksies wat plaaslike gemeentes onderneem.

Sedert 1994 het die wye wêreld weer oopgegaan vir gemeentes van die NGK. Baie van hulle lidmate het die land verlaat. Sommige gemeentes het hulle aandag spesifiek gerig op onbereikte groepe. Die staatkundige ontwikkelings was een katalisator hiervoor. 'n Diep oortuiging dat ons deur

Christus geroep word om vanuit Jerusalem tot by die eindes van die aarde te dien en getuig was 'n tweede katalisator hiervoor.

Ons het opnuut besef dat ons 'n vars fokus op die eindes van die aarde en die onbereiktes kortkom. Parakerklike organisasies wat die gemeentes vir sending mobiliseer het soos paddastoele opgeskiet gedurende die 1990's. Hand 1:8 het weer 'n dominante teks geword.

Moet ons dit sien as 'n ontsnapping aan die SA konteks? Of was dit 'n kort onderbreking wat ons gedwing het om ons prioriteite reg te kry? Kom daar 'n volgende fase waarin ons opnuut die belang van goeie koördinerings sal besef? Die hedendaagse klem op netwerke en vennootskappe dui wel in daardie rigting.

Die ontwikkelings het natuurlik saamgeval met die groei van die charismatiese kerke en 'n afname in lidmatetal by al die hoofstroomkerke, wat ook ons eie kerkfamilie insluit. Ook dit het ons genoop om saam nuut te leer dink oor ons diens-en-getuienistaak in die samelewing vandag, hier naby en daar ver.

2.9 'n Nuwe era breek aan

In die proses het ons soms afsonderlik en dikwels tog ook saam bly praat in die konteks van *Diens en Getuienis in Eenheid*. Die interaksie was aanvanklik onderbroke en ongenoegsaam, maar 'n gedeelde visie het langamerhand onder ons ontwikkel.

2.9.1 Afrikakonteks

In ons kerkfamilie is op verskillende punte beklemtoon dat ons van Afrika is. Daarom moet ons fokus met *diens en getuienis in eenheid* ook vanuit ons Afrikakonteks ontwikkel.

Verskeie vergaderings van ons kerkfamilie se sinodes en verskillende bedienings het in verklarings die uitdagings van ons konteks beskryf. Dié verklarings fokus veral op sigbare eenheid, ware versoening tussen mense en ontfermende geregtigheid vir noodlydendes. Hierdie uitdagings kom in 'n konteks van groeiende armoede, pandemiese siektes soos HIV en vigs, ekologiese agteruitgang, diskriminasie en etniese geweld.

Die belydenis het weerklink: Ons het 'n Here – Ons is hier – Ons is sy kerk, hier in Afrika. Ons is geroep om 'n bydrae te lewer tot die heling van

die land, in nederigheid, saam met mekaar - “sending in eenheid en eenheid in sending” (Bosch 1991). Anders gesê, “gestuur in eenheid en een in ons gestuurdheid”.

Dit vorm ook die grondslag vir die nuwe fokus op *diens en getuienis in vennootskap* wat veral in die nuwe eeu begin ontwikkel het.

2.9.2 Twee verhale kom bymekaar

Uiteindelik kan mens sê dat twee ontwikkelings die daarstelling van die huidige Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis voorafgegaan het. Twee verhale het metteryd bymekaargekom wat daartoe gelei het dat die VDDG 'n kernbediening van die hele NG Kerkfamilie geword het.

2.9.2.1 Eenheidstruktuur vir getuienis

Dit het baie moeite en tyd geneem om 'n eenheidstruktuur vir ons getuienistaak daar te stel. Die proses van onderhandeling en konsultasie het begin by 'n konferensie wat op 21 Maart 1994 gehou is oor die “*missionêre gemeente*”. Die destydse Algemene Sinodale Kommissie vir Sending en Evangelisasie (AKSE – die ASSK se opvolger) van die NGK se Algemene Sinode het die konferensie gereël. Die deelnemers het gekom uit die binnelandse NG Kerkfamilie (ISWEN Kommunikasie 1994, Jrg 16, no1).

Dit het gelei tot 'n besluit om 'n verenigde struktuur vir getuienis op nasionale vlak daar te stel. 'n Verteenwoordigende loodskomitee is aangewys om die aanvoorwerk te doen. As vrug van hierdie proses het die Algemene Kommissie vir Getuienisaksie (AKGA) van die NG Kerkfamilie in 2001 tot stand gekom. Die VGK, NGK en RCA was stigterslede en die NGKA het as 'n waarnemerslid aangesluit.

Die vorming van die AKGA was 'n deurbraak van die Here! Op ander vlakke het die kerkleiers huiwerig eenheidsopsies bespreek. Vasgeloopte pogings het hulle kanse bemoeilik. Met die stigting van die AKGA het die drie kerke egter hulle getuienisbedieninge verenig! Nou was daar net een getuienisagenda vir die deelnemende kerke. Daarmee het die visie van die 1986 konferensie oor “*Wat is Sending?*” uiteindelik tog begin om hande en voete te kry.

In 2004 is die 1986 konferensie formeel binne die AKGA struktuur opgevolg met 'n soortgelyke konferensie by die Teologiese Fakulteit

op Stellenbosch. Dit was knap voor Pinkster toe sowat 40 verteenwoordigers uit die NG Kerkfamilie van oor die lengte en breedte van Afrika weer byeengekom het om oor ons gesamentlike roeping tot getuieis te beraadslaag.

Verskillende sprekers het belangrike perspektiewe beklemtoon. Rian Venter het weer onderstreep dat sending die taak van God drieënig is. Russel Botman het gefokus op die feit dat daar in Christus 'n boodskap van hoop is vir en vanuit Afrika. Ons het saamgestem dat ons 'n roeping het tot publieke getuieis oor Christus se heerskappy. Martin Pauw het beklemtoon dat ons inderdaad saam hiertoe geroep is en dat ons ter wille van geloofwaardigheid hierdie roeping in gemeenskap (koinonia) met mekaar moet uitleef. Ons studie van Johannes 17 en Efesiërs 4 het hierdie oortuiging bevestig en versterk.

Uiteindelik herformuleer ons 1986 se werksdefinisie vir sending. Die vertrekpunte was dieselfde as destyds, maar die huidige Afrikakonteks moes verreken word. Die 2004 Werksdefinisie vir Sending bou dus op die een van 1986 en formuleer die nuwe slagspreuk: “*Geroep tot Getuies in en vanuit Afrika vandag*”.

2.9.2.2 Verenigde barmhartighedsbediening

'n Soortgelyke verenigingsproses het in die *barmhartighedsbediening* (diakonale bedienings) van die kerkfamilie ontwikkel. Reeds in 1991 stem die NGK se Algemene Sinodale bedieninge (AKDB en AKSE) saam dat diakonaat oor kerkgrense moet plaasvind. Diakonaat het immers te doen met sosiale aangeleenthede soos armoede, geregtigheid en maatskaplike wanstoestande, in onderskeiding van onderlinge hulpverlening in kerkverband.

In 1992 het 'n belangrike gesprek oor “Diakonaat in konteks” plaasgevind. Die binnelandse NG Kerkfamilie was almal teenwoordig (RCA, NGSK, NGKA en NGK). Hulle visie was een vredesdiakonaat vir die hele NG Kerkfamilie. 'n Opvolgberaad in dieselfde jaar het sinodaal op visie, program en struktuurvorming gefokus.

Hulle uiteindelijke verklaring van voorneme begin met 'n verwysing na een kerkverband vir die NG Kerkfamilie (binnelands). 'n Konsepreglement vir die stigting van 'n *Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid en Geregtigheid* dien reeds by die stigtingssinode van die VGK in 1994 en word aanvaar. Die NGK se

Algemene Sinode aanvaar dit ook in dieselfde jaar. Weens sekere bedryfsfaktore en die spanning tussen die kerke in die 1990's het dié kommissie egter nooit aan die gang gekom nie.

Gesprekke het wel voortgegaan op die bedieningsvlak. Die VGKSA en NGK se bedieningsbesture besluit in 1997 om die RCA in toekomstige gesprekke te betrek en om voort te gaan “om die gesamentlike diakonaat van die familie van NG Kerke uit te bou”. Die reglement sou intussen dormant bly totdat dit later van toepassing gemaak sou kon word.

In 2004 het die kerke 'n “Verklaring van voorneme” gemaak om voort te gaan met die gesamentlike werksaamhede. Hulle moes egter erken dat die feit van die bestaan van afsonderlike kerke die vereniging van die bediening kerkregtelik kniehalter.

Die gesprek oor *missionêre diakonaat* het ook in die 1990's aan die gang gekom in die kerkfamilie. In die NGKA konteks bestuur hulle lankal sending, barmhartigheid en evangelisasie gesamentlik binne die kommissie vir die Arbeid van die Kerk. Die VGK het sedert 1996 begin met 'n proses van teologiese herbesinning oor die sinodale bedienings, met die doel om dit te herposisioneer en integreer. Die kerk identifiseer drie kernbedienings:

- *Erediens en Proklamasie,*
- *Gemeentebedieninge en*
- *Diens en Getuienis.*

Sedert 2005 hanteer en fokus die VGK haar verskillende bedienings só in 'n Geïntegreerde Bedieningsmodel (GB).

In die NGK het die destydse ASSK die saak van die missionêre diakonaat in 1998 by die Algemene Sinode op die tafel gesit. Die Sinode het 'n aantal riglyne hiervoor goedgekeur. Die Sinode het ook besluit om in die reses te fokus op die bevordering van versoening, die bekamping van armoede en die bestryding van morele verval. Dit het gelei tot die “Jaar van Hoop” (2001).

Die wins uit hierdie proses was dat die saak van die missionêre diakonaat geskuif het na die sentrum van die kerk se roeping (AS Agenda 2002:239). Missionêre diakonaat gaan oor daadgetuienis (getuienis deur diens) gerig op die wêreld. Hierdie diens word gelewer

in die gemeente se plaaslike konteks. Dit ondersteun egter ook ander gemeentes se bedienings in hulle eie konteks.

Die ASSK het ook die term diensgetuienis voorgestel. Op daardie stadium het hulle egter reeds deel gevorm van die verenigde AKGA. Mettertyd het verskillende ander sinodale rolspelers ook betrokke geraak.

Die besef het gegroei dat ons met minder bronne daad van spontane deernis en liefdevolle gemeenskap moet aanmoedig. Dit vereis 'n eenvoudiger, ekologies volhoubare leefstyl van almal en deernis teenoor minderbevoorregtes in hulle nood (1 Joh 3:18). Boonop moet die *diens-en-getuienisprojekte* gesamentlik deur die hele NG Kerkfamilie onderneem word. Dit gaan oor diens en getuienis *in eenheid* (soos ons dit later sou formuleer in die VDDG beleidsdokument). Daarom is vennootskappe van kardinale belang en is dit noodsaaklik om projekte te koördineer. Terselfdertyd moet volhoubare bronne ontgin word.

2.10 Verenigde bediening vir Diens en Getuienis

Binne die NGK het bogenoemde twee ontwikkelingslyne daartoe gelei dat die ASSK en AKDB self gevra het of afsonderlike kommissies vir sending en diakonaat nog regvedigbaar is. Die 2004 Algemene Sinode ontvang reeds net een verslag (deur die ASSK, AKDB en AKGA) onder die noemer *Diensgetuienis*. Die toekomstige funksionering van die *Algemene Diensgroep vir Diensgetuienis (ADD)* word daarin uiteengesit.

So het ons almal tot die besef gekom dat *Diens en Getuienis* saamhoort en dat die twee nie in beginsel of praktyk geskei behoort te word nie. Teen dié tyd het die NGKA dit lankal reeds saam hanteer. Die RCA was deel van die besinning binne die AKGA. Die VGKSA het toe ook alreeds *Diens en Getuienis* saamgevoeg binne die Geïntegreerde Bedieningsmodel.

Die tyd was dus ryp om dit nou ook saam in die kerke se bedieningstrukture prakties te maak. 'n Loodsgroep het op 6 Februarie 2006 in Bellville die teologiese begroning met mekaar uitgeklaar. 'n Meer verteenwoordigende vergadering het op 22 Junie 2006 te Esselenpark saam riglyne vir die bedieningspraktyk begin onderskei. 'n Kleiner groep is aangewys om die voorbereidingswerk af te handel.

In Oktober 2006, by Good Shepherd buite Pretoria, het verteenwoordigers van die vier kerke in die NG Kerkfamilie in die RSA en Namibië die beleidsdokument ("*Ons roeping tot diens en getuienis in eenheid*") en die reglement vir die VDDG aanvaar. Die gesamentlike bediening is daar amptelik gekonstitueer.

Van hier af het die vier kerke se diens-en-getuienisbedienings met een agenda begin werk om aktiwiteite waar enigsins moontlik te verenig.

Dit loop natuurlik parallel met die voortgaande strewe tot die volledige hereniging van die vier kerke. Dit het immers juis gebeur toe die kerke in 2006 by Esselenpark 'n deurbraak met mekaar bereik het en saam 'n verbondsverbintenis gemaak het om die NG Kerkfamilie te herenig. Die gesamentlike leierskap se moderatore het daar ook hulle seën toegesê aan die VDDG se verenigende proses.

2.11 Ons roeping tot diens en getuienis in eenheid

Die beleidsdokument van die VDDG (wat in hoofstuk 1 en 3 van hierdie boek bespreek word) definieer die kerk se sending (*missio ecclesiae*) doelbewus as deelname aan die sending van die drie-enige God (*missio Trinitatis Dei*). Liefde, sorg en eenheid vloei voort uit die wese van God drie-enig. *Diens en getuienis in eenheid* word dus as 'n holistiese roeping verstaan, 'n bestaan in die wêreld. Dit sluit vanselfsprekend ook aktiewe liefdesdiens in en 'n verenigde getuienis oor Christus as die Verlosser en Koning. Om hierdie roeping te kan uitleef, moet ons eers die uitdagings in die Suid-Afrikaanse konteks goed onderskei.

Nadat die VDDG in 2006 gekonstitueer het, het die kerke ook in 2008 'n "Memorandum van Ooreenkoms" (MVO) opgestel en aanvaar. Artikel 4 van die MVO lees: "Die werk van die VDDG word begelei en geïnformeer deur die drie formuliere van enigheid, die Belydenis van Belhar (1986), die Laudium Verklaring (1990), die Gesamentlike Verklaring van Voorneme (AKDB/ ASKDD - 2003), die NGK Roepingsverklarings (2002, 2004), die Verklaring oor Sending en ons roeping tot getuienis in en vanuit Afrika (2004) soos vervat in die 2006 visiedokument van die VDDG."

Sedert die VDDG gekonstitueer is, fokus ons onder andere op verskeie projekte saam met oorsese vennote. By verskeie diakonale projekte werk ons saam met kerke uit die VSA, Duitsland, België en Nederland. Ons gee ook aandag aan die resepsie van die ACCRA verklaring oor

globalisering, sowel as ekonomiese en ekologiese geregtigheid (2004). Ons neem deel aan interkulturele uitruilprogramme vir die jeug. Geweld in gemeenskappe en moontlikhede vir versoening is op ons agenda. Die VDDG het ook inisiatief geneem met die stigting van 'n gesamentlike MIV en vigs forum, gesamentlike literatuurvoorsiening en ander vlakke van Publieke Getuienis.

2.12 Verhouding tussen VDDG en SAVGG

Saam met ander bedieninge en organisasies (soos bv die Suid-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes - SAVGG), het die VDDG begin nadink oor ons identiteit en roeping, ons motivering en praktyk as gestuurde kerk(e). Heelparty hedendaagse denkers beïnvloed hierdie nadenke, maar Lesslie Newbigin en David Bosch bly in dié verband die twee invloedrykste teoloë.

Die SAVGG fokus spesifiek op die plaaslike gemeentes, op hulle “missionale identiteit” of gestuurdheid, en help hulle met 'n goeie program om hulle identiteit te transformeer tot 'n selfverstaan en praktyk van gestuurdheid. Hulle fokus veral op die gemeente se lewe as gestuurd binne die plaaslike konteks. Leefstyl staan op die voorgrond eerder as spesifieke missionêre of diakonale programme of aksies. Die gestuurde (missionale) beweging wil antwoorde vind vir 'n nuwe generasie in 'n postmoderne, gesekulariseerde konteks. Vandaar ook hul sterk verbintenis met die ontluikende kerkbeweging (*emerging church movement*) in Noord-Amerika.

Die VDDG het 'n breër fokus, wat die volgende insluit: die breë kerklike (institusionele) verbandswerk; die roeping en werk van gemeentes; bedienings in vennootskap; publieke getuienis, projekte en programme; evangelisasie en diakonale bedienings – binne die plaaslike konteks, maar ook verder weg. Die VDDG se fokus is ook duidelik op Afrika wat nie postmodern óf post-Christendom is nie.

Die groot wins van die VDDG en SAVGG se interaksie met mekaar gaan oor die missionêre identiteit van die kerk. Albei fokus sterk op die Drie-enige God en op die kerk se wesentlike betrokkenheid by die sending van God (*Missio Dei*). Sending is só gesien nie maar een van die funksies van ons kerkwees nie, maar veel meer. Die kerk in haar verskillende gestaltes is die agent van die *missio Dei*. Daarom is ons ook doelbewus

en wesenlik missionaal (missionêr) in al die aspekte van ons selfverstaan en bedienings.

Die VDDG oordeel dat die begrippe missionaal en missionêr wesenlik dieselfde fokus het.

2.13 Saam as vennote in en vanuit Afrika

In September 2009 is die 2004 konferensie opgevolg. Dié keer was die fokus veral sterk op vennootskapsvorming.

Daar was 'n hele aantal verteenwoordigers uit ons kerkfamilie in Botswana, Zambië, Zimbabwe, Malawi, Lesotho, Namibië, Nigerië, Mosambiek en Kenia. Ander kerke uit Angola en die Kongo is ook verteenwoordig. Ons het saam besin oor ons roeping tot diens en getuïenis in en vanuit Afrika in *vennootskap* met mekaar. Ons fokus was op die karaktertrekke wat ons as leiers in diens en getuïenis hier in Afrika behoort te vertoon. Ons het ook gekyk hoe hierdie diens en getuïenis wyer kan uitkring vanuit Afrika.

Ons het tot die slotsom gekom dat diens en getuïenis al hoe meer bedink en verstaan moet word in terme van verhoudings (koinonia), eenheid, gemeenskaplikheid en respek, samewerking en gemeenskap, interafhanklikheid en mede-verantwoordelikheid

Die verlies aan momentum met hereniging op die vlakke van leierskap en kerklike besluitneming strem tot dusver ook die groei van legitieme, geloofwaardige sending in eenheid onder ons.

Die VDDG is genadiglik reeds 'n gevestigde instelling. Al die kerke in ons kerkfamilie in die RSA en Namibië het die bestaan van die VDDG goedgekeur en aanvaar. Dit het dus die sanksie van al hierdie kerke.

Die bedienings se struktuur is gevestig en bely. Die VDDG het self goeie fokus en gee fokus aan ander. Dit vestig beleid op verskillende terreine en ondersteun 'n verskeidenheid projekte. Sodoende bevorder ons die saak van *diens en getuïenis in eenheid* al verder en verder. In die proses druk ons soms teen grense aan, getuig en beweeg ons meermale teen die stroom in, teen die oënskynlike stagnasie met sigbare kerkeenheid en onderlinge versoening. Want ons bely met oortuiging dat ons *sáám geroep* word *tot diens en getuïenis in en vanuit Afrika*, in vennootskap met al ons broers en susters in ons eie familie en ook wyer.

Hoofstuk 3

Bybelse en teologiese begroning van die beleidsdokument

3.1 Agtergrond vir die beleidsdokument

Die inleidende afdeling tot die beleidsdokument vestig die aandag op enkele aspekte wat die NG Kerkfamilie se verstaan van hulle roeping tot diens en getuienis verduidelik. Eerstens noem dit die meewerkende kerke by name en beklemtoon bepaalde bakens op die reis van gesamentlike besinning oor 'n verenigde roeping. Tweedens interpreteer die beleidsdokument hierdie bakens as historiese ankerpunte op die weg. Dit verwys spesifiek na artikels en beleide in kerkordes van die meewerkende kerke, werksdefinisies, teologiese verklarings en belydenisse. Derdens beklemtoon die dokument die verbondsverbintenis van Augustus 2006 tot die hereniging van die familiekerke. Die verbintenis verteenwoordig 'n eenheidsroeping.

Nog 'n belangrike baken op die reis vul die formuleringe in die beleidsdokument aan, naamlik die MVO van September 2008. Die VDDG het dit opgestel en daarna het die onderskeie Algemene Sinodes van die meewerkende kerke dit aanvaar. Vir doeleindes van die huidige hoofstuk as kommentaar op die Bybelse en teologiese grondslae van die beleidsdokument, is die formuleringe in artikel 4 van die MVO belangrik. Dit spel verder uit dat rigtinggewende dokumente die werk van die VDDG begelei en beïnvloed. Die dokumente is:

- die Drie Formuliere van Eenheid,
- die Belydenis van Belhar (1986),
- die Laudium declaration (1990),
- die Joint Declaration of Intent (AKDB/ASKDD - 2003),
- die NGK se roepingsverklarings (2002, 2004),
- die Declaration on mission and our calling to witness in and from Africa (2004), wat die grondslag vorm van die 2006 visiedokument van die VDDG.

Naas die historiese ontwikkeling van die VDDG in Hoofstuk 2 van hierdie boek en die verwysing na die teologiese plasing van die beleidsdokument in die vorige twee paragrawe, kan ons ook kennis neem van 'n ander dokument wat perspektief gee op die teologies-historiese raamwerk van die VDDG en die beleidsdokument. By die KGA konferensie in Mei 2010 was daar 'n aanbieding oor "Perspektiewe in Belydenisskrifte en Kerklike Formuliere". Dit het die verskillende raamwerke aangetoon vir beoordeling van die VDDG se beleidsdokument. Die aanbieding het die vraag hanteer oor faktore in die kerklike belydenistradisie van ons groep kerke wat aanleiding kon gee tot die model van Diens en Getuienis in die NG Kerkfamilie.

Die gevolgtrekking was dat die huidige besinning en prosesse binne die NG Kerkfamilie en VDDG in ten minste vier groter verbande ingebed lê:

1. Die heilshistoriese beweging van God in ons wêreld;
2. Die voortgaande proses van belydenisvorming in die gereformeerde tradisie;
3. Die eenheidsoeke binne die ekumeniese kerk in die lig van die uitdagings van menslike nood in die wêreld;
4. Die samevoeging van die kerk se bedienings wat op die wêreld gerig is, nl Diens en Getuienis (in die ou terme: Diens van Barmhartigheid en Sending vir die NGK; Diakonale Dienste en Getuienisaksie vir die VGKSA).

Volgens verskeie teoloë is ons nou in die derde fase van belydenisvorming:

1. Konsilies, credo's, sim-bole in die vroeë kerk;
2. Belydenisskrifte tydens die Reformasie;
3. Begin met die Barmen-verklaring.

In die lig van al hierdie verwysingsraamwerke gee ons vervolgens aandag aan kommentaar op die beleidsdokument van die VDDG.

3.2 Sending van die Drie-enige God

Die eerste afdeling van die beleidsdokument handel oor die sending van die Drie-enige God en bevat vier kerngedagtes wat die teologiese en Bybelse begroning vir die formuleringe in die dokument onderlê:

3.2.1 Ons roeping kom uit die hart van God

Die beleidsdokument begin met 'n betekenisvolle stelling nl: *Ons roeping tot diens en getuienis in eenheid vloei voort uit die wese van God.*

Hierdie stelling lê die grondslag vir die hele dokument. Dit sê: Ons het hierdie roeping tot diens en getuienis *omdat God is wie God is*. As ons hierdie roeping wil verstaan, moet ons dus eers verstaan wie God regtig is. As ons iets van die wese van God kan begryp, kan verstaan hoe God leef en dink en werk, sal hierdie roeping tot diens en getuienis eintlik vir ons vanselfsprekend wees. Dit vloei voort uit die wese van God. Dit is nie iets wat ons moet doen maar net omdat God ons beveel het om dit te doen nie. Dit is nie gegrond op 'n paar teksverse nie. Dit hang selfs nie aan die sendingbevel nie. Dit kom na ons toe uit die hart van God. Dit is waarmee God self besig is.

Daarom praat die beleidsdokument van “die sending van God” (die *missio Dei*). Dié begrip, wat in ons tyd wêreldwyd aanvaar word as toonaangewende konsep vir missionêre visie, beklemtoon eenvoudig dat sending God se eie werk is. Dit is inderdaad waarmee God besig is. God roep ons dus om in te skakel by dit wat Godself besig is om te doen in die wêreld. God laat dit nie aan ons oor nie, maar betrek ons daarby. Dit, sê die beleidsdokument, is waarmee ons besig is as ons *diens en getuienis in eenheid* bedryf. Ons vat hande met God. Ons sluit aan by dit wat God doen. Dit vloei uit God se wese!

Die groot vraag is dus: Hoe verstaan ons *die wese van God*?

3.2.2 Die wese van God

Volgens die beleidsdokument word *die diepste wese van God gekenmerk deur liefde, deernis en 'n soeke na gemeenskap*.

Ons sou dalk vir hierdie eienskappe in die Nuwe Testament gaan soek. Maar die Skrifgedeeltes wat in deel 1 van die beleidsdokument aangeteken word, beskryf die wese van God in die eerste plek aan die hand van God se handeling met Israel. Daardie handeling openbaar wie God is, wys vir ons sy goddelike eienskappe.

Dit is veral die uittog uit Egipte wat 'n onuitwisbare indruk op die Israëliete gemaak het. Dwarsdeur hulle geskiedenis kyk hulle altyd weer terug na dié gebeurtenis as hulle probeer verstaan wie God is. In die

besonder leer ken hulle God daar as die Een wat sy volk se ellende raaksien en hulle smekinge hoor (Eks 3:7-8). Met liefde en deernis reik God uit na hulpelose en kwesbare mense wat om hulp roep. God openbaar Homself as die God wat bevry van ellende, slawerny en onderdrukking. Hy wil hulle God wees en hulle sy volk maak.

Wanneer God telkens in Israel se geskiedenis 'n verbond met hulle sluit is dit 'n uitdrukking van God se begeerte om met sy skepsels in gemeenskap te lewe. Hulle moet God se eie volk wees. God wil hulle versorg en leer om vir mekaar verantwoordelikheid te neem. Selfs die woestyntog beskryf God se voortgaande vorming van die verbondsvolk. By Sinai vind daar 'n spesiale ontmoeting met God plaas en gee God die wet as riglyn vir dié volk wat uitgekies is om God se eie volk te wees. God roep Israel om 'n Koninkryk van priesters en heilige nasie te wees. Die hele nasie word afgesonder om God te dien (Eks 19:5-6).

God se liefde en soeke na gemeenskap kom veral tot uitdrukking in sy teenwoordigheid by hierdie volk. Selfs wanneer hulle God kwaad maak deur 'n goue kalf te aanbid, en God dreig om die rug op hulle te draai (Eks 32 en 33), kan God nie anders as om getrou te bly aan die verbond nie. Daarom verskyn God weer aan Moses en bevestig dat al die beloftes van liefde en goedheid steeds geldig bly. Juis in daardie omstandighede leer ken die volk God se karakter as barmhartig, genadig, lankmoedig, liefdevol en getrou. God vergewe boosheid, oortredings en sonde (Eks 34:5-9). God kan nie anders nie. Dit is wie God is. Dit is God se wese. Walter Brueggemann noem dit “a credo of adjectives”.

3.2.3 Uitgenooi na 'n nuwe wêreld

Die volgende kerngedagte van die beleidsdokument is *dat God 'n uitnodiging rig aan mense om toe te tree tot 'n nuwe wêreld waarin alles nuut en heelgemaak word in gemeenskap met die Drie-enige God.*

Een van die teksverwysings is Ps 146. Dit is die aangrypende belydenis van Ou-Testamentiese gelowiges oor die God wat hulle met hulle hele wese wil loof en aanbid (vss 1-2). Daarom roep die digter ook almal op om dié God te vertrou en nie op mense staat te maak nie (vss 3-4). Mense kan nie red nie. Selfs die magtiges is verganklik. Al hulle planne kom tot 'n einde. Dié wat op die Here vertrou – hulle is gelukkig

(vs 5). Hoekom? Want God maak 'n reuse-verskil aan die wêreld waarin ons leef.

Die prentjie wat in Ps 146:6-10 ontvou is inderdaad dié van 'n nuwe wêreld. Dit is 'n wêreld waarin reg geskied aan verdruktes, dié wat honger is kry kos, die gevangenes word vry, die blindes sien weer, die vreemdelinge word beskerm, die weduwees en weeskinders word ondersteun. Daar is hulp en redding vir elkeen wat swaarkry.

Hoe gebeur dit? Die psalm sê dit is wat God doen! Dit gebeur omdat die Here regeer – vir ewig (vs 10). Dit is die resultaat van God se heerskappy. God is Koning. God se Koninkryk kom. Daar heers reg en geregtigheid. God maak heel en nuut.

Hierdie selfde prentjie spring weer op wanneer Jesus in die sinagoge uit Jes 61 lees en daarop aanspraak maak dat dié profesie daar en dan, in sy eie bediening, vervul word (Luk 4:16-21). Hy sê dus dat Hyself die gesalfde is, die Messias, die een op wie die Gees van die Here rus. Daarmee aanvaar Hy ook dat Jes 61 sy roeping definieer en programmeer:

- Om die evangelie aan die armes te verkondig;
- Om die gebrokenes van hart te verbind;
- Om vryheid aan die gevangenes te verkondig;
- Om die aangename jaar van die Here aan te kondig.

Dit is teen hierdie agtergrond wat die Belydenis van Belhar sê dat God in 'n wêreld van onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom daarin na te volg. Dit was inderdaad die hart van Jesus se bediening. Dit word die program wat Hy volg in sy bediening. Só kom die Koninkryk van God, kry die nuwe wêreld gestalte.

Die beleidsdokument beskryf hierdie nuwe wêreld egter spesifiek as 'n “Trinitariese ruimte” en beklemtoon dat die Drie-enige God, wat binne hierdie ruimte alles nuut en heelmaak, 'n “God van gemeenskap” is. Jesus se gebed in Joh 17 gee vir ons 'n besondere perspektief hierop. Hy bid veral vir die eenheid van dié wat aan Hom behoort (vss 11, 20-23). Hulle het God se woord ter harte geneem (vs 6) en daarom ken hulle die enigste ware God, en Jesus Christus wat deur God gestuur is (vs 3). Om God só te ken, sê Johannes, is die ewige lewe. Dit is duidelik: dié kennis

van God is gemeenskap met God. Dit is 'n intieme verhouding met God. Daarom bepaal dit ook hulle verhouding met mekaar. Gemeenskap met God waarborg ook gemeenskap met mekaar. Wie één is met God, moet noodwendig ook één wees met ander wat aan God behoort. En hierdie eenheid word volgens Joh 17 gestempel deur die eenheid binne Godself. Die eenheid tussen Vader, Seun en Gees. Dit is waarvoor Jesus bid in vs 21: *Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.*

Hierdie eenheid is dus 'n kenteken van God se nuwe wêreld. Dit demonstreer iets van die wese van die Drie-enige God. Dit wys dat God se diepste wese inderdaad gekenmerk word deur liefde, deernis en 'n soeke na gemeenskap. En dat dit ook God se doel met sy kinders is.

Jesus beklemtoon in sy gebed dat die geloofwaardigheid van ons getuienis van hierdie eenheid afhang (vs 21). Daarom is dit deel van ons roeping binne die NG Kerkfamilie. 'n Roeping wat nie onderhandelbaar is nie.

3.2.4 God se omvattende heil

Uit bogenoemde is dit duidelik dat God nie net in ons siele belangstel nie. Die verlossing wat God bewerk is totaal en omvattend. Die beleidsdokument beklemtoon dat *ons diens en getuienis* deel is van hierdie omvattende visie. Dit sê: Diens en getuienis gee uitdrukking aan God se liefde en deernis en bring die omvattende heil (*sjalom*) na alle mense en die hele skepping.

Een van die duidelikste prentjies van die *sjalom* wat hier ter sprake is, kry ons in Op 21:1-5. Johannes sien 'n visioen van die nuwe hemel en die nuwe aarde. God, wat op die troon sit, kondig aan dat Hy *alles nuut maak* (vs 5). Daar kom 'n nuwe hemel *en 'n nuwe aarde*. God maak sy woonplek by die mense (vs 3). Hyself droog al die tranes van hulle oë af. Die dood is uit die weg geruim. Daar is ook nie meer leed, smart en pyn nie (vs 4). Daar is volkome harmonie tussen God en die mense. Hy is hulle God en hulle is sy volk (vs 3). Dit is die omvattende heil waarheen God op pad is met die hele skepping.

In Rom 8:18-25 skets Paulus vir ons 'n prentjie van die hele skepping se verlange na hierdie toekoms. Hy sê die skepping is tans aan *verydeling*

onderworpe (vs 20). Dit is nie wat dit moet wees nie. Dit is stukkend, verslaaf aan die verganklikheid (vs 21). En dit smag na bevryding. Met gespanne verwagting sien dit uit na die dag waarop God alles volkome sal heelmaak (vs 19). En die hoop is daar, want ons, as kinders van God, erfgename saam met Christus (vs 17), het reeds die Gees as eerste gawe van daardie toekoms ontvang (vs 23).

Ons roeping is om nou reeds in God se krag tekens van daardie *shalom* op te rig deur *diens en getuienis in eenheid*. Dit is die opdrag wat Jesus aan die kerk (sy volgelinge) gee in Matt 28:18-20, Joh 20:21-22 en Hand 1:8. Die kerk word gestuur. Soos die Vader Jesus gestuur het (Joh 20:21). Met die volmag wat aan Jesus gegee is (Matt 28:18) en die belofte van sy permanente teenwoordigheid (vs 20). Ons ontvang die Heilige Gees en daarmee saam die krag om getuies te wees van wat God besig is om te doen (Joh 20:22; Hand 1:8).

3.3 Christus se sending

Die Vader het die Seun na die wêreld gestuur. Dit wat oor die wese van die Triniteit in afdeling 1 gesê is raak nou by afdeling 2 sigbaar, dit kom in beweging, dit word geskiedenis, as die Vader die Seun na hierdie wêreld stuur. In deel 2 van die beleidsdokument is drie kerngedagtes wat die teologiese en Bybelse begronding vir die formuleringe in die dokument onderlê:

3.3.1 Christus versamel en stuur die kerk

Volgens die beleidsdokument stuur die Vader vir Christus om die kerk te versamel en uit te stuur na die wêreld.

Die Bybelse begronding van dié stelling kom hoofsaaklik uit die Johannese geskrifte. Die Johannese gemeenskap vir wie hierdie geskrifte geskryf is, het deurgaans aan *albei* kante van die wonder van Jesus se bestaan vasgehou: sy *Godheid* (Joh 1:1; 10:30; 1 Joh 2:22-23), en sy *vleeswording* (Joh 1:14; 1 Joh 4:2). Daarmee bied hulle weerstand teen geweldige suigkragte van ongeloof en dwaalleer. Hulle getuig: “Die Woord (wat God was) het vlees geword” (Joh 1:14), en die lig wat lewe gee het na die donker wêreld gekom (Joh 1:4-10).

3.3.1.1 God die Vader stuur die Seun

Die Vader **stuur** die Seun na hierdie wêreld. Die Seun van God word die Seun van Dawid, Jesus van Nasaret, met 'n adres, 'n geboortedatum en 'n sterfdatum. Sy Naam duik op in die anale van die regeerders van die tyd, dikwels met onbegrip oor presies wat aangaan. Pilatus graveer dit op hout: “Jesus van Nasaret, die Koning van die Jode” (Joh 19:19-22). Hy wat van alle tye was en tot in ewigheid sal wees (Joh 1:1; 1:30; Op 22:13), word die Een wat IS, Immanuel, God met ons. Hy kom in ons geskiedenis in, in ons ruimtes en tye vol hartseer en lyding, skeiding en konflik.

Wat Hy kom doen is om bymekaar te maak, terug te bring, skeiding en konflik weg te neem, te versoen en heel te maak, gesond te maak, vol te maak, vol blydschap te maak. Kortom, Hy kom (soos die beleidsdokument sê)

- a. om God se kerk te versamel ...
- b. uit alle nasies ...
- c. en om ons in die krag van die Heilige Gees uit te stuur na die wêreld.

3.3.1.2 Die Seun versamel 'n kerk

Dit beteken beide 'n terugbring van mense na God én na mekaar. Die agtergrond is die werklikheid van verwydering tussen die mens en God. Die verhouding is verbreek. Daar het skeiding gekom, vanweë die mens se wantroue en ontou (Joh 2:24-25). Hierdie verwydering het oorgespoel om tussen mense en tussen nasies te gaan lê.

God stuur sy Seun na hierdie verwilderde, uitmekaargeskeurde mense om vir Hom 'n kerk, 'n *ekklesia* (dié wat uitgeroep is), te versamel. Dit is 'n nuwe volk, maar terselfdertyd die voortsetting van God se volk, die *qahal Jahweh* (volksvergadering) van die Ou Testament.

Nie alle geleerdes aanvaar dat Jesus gekom het om 'n kerk te versamel nie. Sommige van hulle sê Jesus het gedink die deurbraak van die Koninkryk van God is op hande. Hy moes dus net sy dissipels daarop voorberei. Toe die wederkoms uitbly, het sy volgelinge egter voortgegaan om die kerk te vestig.

Teenoor hierdie standpunt verkondig die Evangelies duidelik die Goeie Nuus dat Jesus wel die kerk van God kom versamel het! Daarom kies Hy

twalf dissipels (’n simboliese handeling wat hulle as die nuwe volk van God identifiseer). In sy bediening rig Hy hulle af vir hulle taak wanneer Hy nie meer daar sal wees nie. As al sy woorde en gelykenisse oor die Koninkryk saamgelees word, is dit duidelik dat Hy inderdaad gedink het die Koninkryk is op hande. Aan die ander kant is dit ook reeds teenwoordig (Matt 13:24-35) ... en terselfdertyd iets wat so lank kan wegbly dat die gelowiges aan die slaap kan raak (Matt 25:5). Sy vele opdragte aan hulle maak dit duidelik dat hulle sy werk sal moet voortsit wanneer Hy van hulle weggaan.

3.3.1.3 Die kerk is ’n versameling van begenadigdes

Baie mense is dalk teleurgesteld met die kerk. Daarom moet ons verstaan wat Jesus met “kerk” bedoel het. Volgens die Johannes-evangelie was die kerk wat Jesus kom vestig het oop vir almal, veral vir die mense wat deur ander eenkant toe gestoot is, die gestremdes (Joh 5:1-9) en sondaars (Joh 8:1-11), dié wat onwelkom was (Joh 4:40-42) en uitgeban is (Joh 9:35). Die toegang was immers nie menslike prestasies of status nie, maar genade waaraan enigeen deel kon kry deur net te glo (Joh 3:16; 20:31).

Die kerk is ’n versameling van begenadigdes. Die grondslag van die vroeë kerk vir die uitdra van die evangelie was die feit dat hulle nie sterk was nie, geen mag gehad het, vir niemand ’n bedreiging kon wees nie. Tog het Jesus se begenadigde volgelinge gou begin stry oor wie onder hulle klompie die belangrikste is. Hulle het nie geweet wat om te doen met die Grieke wat vir Jesus wou sien nie (Joh 12:20-22). En dit sou hulle ’n lang tyd neem (tot diep in Handeling) om te leer dat hierdie nuwe volk van God uit alle nasies kom. Dit terwyl God se plan was dat juis hulle sy instrumente moes wees om daardie nasies in te bring. Dit is wat Jesus bedoel as Hy sê hulle sal “groter werke” doen as Hyself (Joh 14:12).

3.3.1.4 ’n Ruimte waar almal kan tuis kom

So skep die sending van die Seun na die wêreld ’n trinitariese ruimte wat oop is, nie uitsluit nie, maar nader nooi (Op 3:20; 22:17). Dit maak ruimte vir mense wat teenoor mekaar staan, vervreemd is van mekaar, mense uit alle tale en stamme en nasies (Op 5:9), verskillende geslagte (Joh 19:26-27). Dit skep ’n ruimte met vrede, vriendskap, liefde – tussen God en mens (Joh 14:1,23, 27; 15:15), maar ook mens en mens. In dié ruimte

is daar geen onsteltenis, geen vrees, geen oorheersing en geen verslawing nie, maar wedersydse liefde en diens.

Dit word 'n werklikheid vir sy dissipels wanneer Hy hulle nooi na die paasfeesmaal en daar in die bokamer hulle voete was (Joh 13). Hierdie voetewas was ook 'n heenwysing na iets anders, waarby al vier Evangelies ons lank wil laat stilstaan: die geweldige ontmoeting van wêreld en Verlosser wat by Golgota plaasvind, waar liefde 'n harde kruis word, 'n gebreekte liggaam. Daar sien ons die wêreld, onself, gestroop van alle skyn – die dissipels wat vlug, die skynheilige Fariseërs, Pilatus, die lafhartige regter, en die skare wat opgesweep word tot die beeld van God in hulle so verduister is dat hulle willose instrumente word in die moord op 'n Onskuldige. Maar juis daar laat die Evangelies ons God se liefde vir hierdie wêreld sien.

Vir Johannes is dit belangrik dat ons by die kruis, voor die laaste woorde “dit is volbring,” ook die fluistering hoor: “Vrou, daar is u seun”, en vir die dissipel: “Daar is jou moeder.” Enduit is Jesus se bedoeing om mense te laat tuis kom, te versorg, te beskerm, heel te maak. Daarom kan die Johannes-evangelie ook nie afsluit by Joh 20:31 nie. 'n Tweede slothoofstuk is nodig om vir Petrus terug te bring in daardie ruimte waar daar liefde is. Hy kom koud en nat van die see af en word in die kring van sy Here en die ander dissipels rondom die vuur terugverwelkom.

3.3.1.5 Die kerk word gestuur

Maar dit eindig nie daar nie. Jesus maak duidelik dat hulle wat tuis gekom het, moet uitgaan om die wat nog buite is te gaan haal. Drie keer ontvang Petrus die taak van herder-wees, beskermer, versorger. Ook waar die opgestane Jesus aan die dissipels saam verskyn in Joh 20:21, stuur Hy hulle soos die Vader Hom gestuur het.

Wanneer die gelowiges later terugkyk na en getuig van hierdie gebeure, dit wat hulle gehoor en gesien en met hande gevoel het, dan doen hulle dit ook om voort te gaan met Jesus se werk, om mense te laat tuis kom. “Ons skryf aan julle sodat julle deel kan kry aan ons gemeenskap (koinonia).” En die verrassende doel is: “... sodat *ons* blydschap volkome kan wees” (1 Joh 1:4). Die ander wat inkom (of terugkom!) is nie meer vir hulle 'n bedreiging nie, maar rede tot blydschap.

Ons *roeping tot diens en getuienis in eenheid* is 'n roeping om werklik deel te word van hierdie gebeure, hierdie geskiedenis, hierdie gemeenskap, hierdie herstelde verhoudings, van God se versamelde kerk, van mekaar! Dit is gegrond op ons gemeenskaplike geloof en Verlosser. Die rol van die VDDG (en die kerk as geheel) is om deur diens en getuienis deel te neem aan Christus se sending.

3.3.1.6 Die kerk steek grense oor

Hierdie *koinonia*, hierdie gemeenskap, kan onmoontlik nie stagnant, bewegingloos, na binne gerig bly nie, want dit is gemeenskap met die Vader en die Seun (1 Joh 1:3) – vir wie dit om die wêreld gaan. Daarom kan die Johannes-evangelie nie 'n punt sit by Joh 11:51 nie, maar moet bygevoeg word: "... ook om die kinders van God wat oor die hele aarde verprei (verstrooi) is, tot een volk bymekaar te bring!"

Ons moet ons nie voorstel dat die wêreld waarnatoe ons gestuur word, ver is nie. Die grense wat ons moet oorsteek is nie net fisies nie. Die wêreld is ook rondom ons. 'n Mens kan so verwyderd wees van die een die naaste aan jou dat dit inderdaad net deur die krag van Heilige Gees is dat jy daardie grens kan oorsteek, kan uitreik, terugbring en versoen. Baie keer sou dit dalk makliker wees om daar ver te gaan werk. Ons moet ook nie die wêreld te groot voorstel nie – dit begin by jouself as objek van God se liefde, en jou huis. Terwyl die Johannes-evangelie die lig laat val op die wêreld laat dit ook die fokus val op die enkeling, die "elkeen", sy/haar geloof, sy/haar stukkende verhouding wat wag op heelmaking, sy/haar roeping om na ander om te sien.

3.3.2 Christus bewerk omvattende heil

Die heil wat Christus bewerk is alles-omvattend, sê die beleidsdokument. Dit sluit in:

- a. die vergewing van ons sondes;
- b. ons verlossing op alle lewensterreine;
- c. sowel as die bevryding van die skepping.

Ook die Johannes-evangelie, waarop ons in hierdie afdeling konsentreer, kyk na die heil omvattend. Daarom word dit beskryf as 'n wedergeboorte (Joh 3:3), nuwe lewe, lewe in oorfloed (Joh 10:10). Christus het dit immers aan die kruis volbring (Joh 19:30).

Die implikasie is dat ons niks en niemand anders meer nodig het as Christus die gestuurde, die gevormte, die gekruisigde nie. Wie die Seun het, ontvang die Gees, die wedergeboorte, die ewige lewe (1 Joh 5:12).

In Openbaring vind ons uiteindelik ook die wedergeboorte, die nuutmaking, van die hele skepping. Die oue word omgekeer, soos 'n boekrol opgevou (Op 6:12-14) en in die plek daarvan kom 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde (Op 21:1). Die heil in Openbaring sluit ook in dat God reg laat geskied. Rome, met al sy prag en praal en sy keisers wat die sogenaamde *pax romana* sou bring, word ontmasker as moorddadige ondier, verdrukker wat gestraf word vir al die bloed van onskuldige mense wat binne sy mure vergiet is (Op 18:24).

In hierdie omvattende heil is die vergewing van sondes sentraal. Soos die Evangelies die langste stilstaan by Jesus se kruis, is die vergewing van sondes deur Jesus se bloed die hartklop van hierdie heil wat ons ontvang (vgl. Ef 1:6). Die weg na die heil, nuwe hemel en aarde, die ewige lewe, loop kruislangs. Daar moet ons breek oor ons sondes, ryk en arm, heerser en slaaf (Op 6:15-17) en gewas word in die bloed van die Lam (1 Joh 1:5-10). Dan val die Satan, ons aanklaer uit die hemel (Op 12:10-11), word alles heel en raak ons vry, maar vry om te dien, as priesterkonings (Op 5:9).

3.3.3 Gestaltes van die heil – Koninkryk en wederkoms

Volgens die beleidsdokument kry God se verlossing van die wêreld gestalte in die koms van God se Koninkryk hier en nou, maar in volheid by Christus se wederkoms.

Die ewige lewe waarvan Johannes telkens praat is niks anders as 'n nuwe lewe nie, in ooreenstemming met die liefde (Joh 13:34) wat tog die grondwet van God se Koninkryk is! En wie God liefhet, gehoorsaam sy gebooi (1 Joh 3:24).

Die klem by Johannes is wel anders as by die ander Evangelies, maar juis daarom belangrik vir ons in ons eie konteks vandag. Ons sou die begrip “koninkryk” te aktivisties en wetties kon opneem en die verhoudingsaspek, die liefde, kon afskeep. Ons moet verstaan dat ons 'n koninkryk van priesters is, heersers/leermeesters wat dien/voete was, herders (Joh 21:15) wat beskerm en laat wei. Ons sou (soos ongelukkig

so dikwels al gebeur het in die kerkgeskiedenis) die begrip “koninkryk” kon misbruik vir kruistogte, en vir paleise met hoë mure en gragte rondom, pleks van ’n tuiste met oop deure, na alle kante.

Hierdie Koninkryk kom reeds hier en nou, maar dit sal eers volledig aanbreek met die wederkoms van Christus.

Sommige geleerdes het in die Johannes-evangelie net ’n gerealiseerde (geestelike) eskatologie gevind (dit beteken die Koninkryk van God het reeds aangebreek, maar in ’n geestelike sin). Hierdie Evangelie beklemtoon egter beide die “reeds” van die Koninkryk (Joh 11:25-26) én die “nog nie” – die tuiskoms waarop ons nog wag (Joh 14:1-3), die opstanding wat kom (Joh 5:28), net soos die res van die Nuwe Testament.

Wat is die implikasies hiervan vir ons *diens en getuienis*? Die “reeds” bring rustigheid, tevredenheid, die vermoë om te gaan stilstaan, stilsit, die oomblik te waardeer. Ons kan die mense om ons waardeer en geniet, omdat ons nie net op pad is na die Koninkryk nie, maar reeds die koms van die Koninkryk beleef in ons saamdien en saamgetuig.

Aan die ander kant bring dit onrustigheid, haastigheid, verlange, oor hulle wat nog heel- en nuutgemaak moet word, hulle wat nog buite is, die nasies wat moet inkom om God te verheerlik. Die Gees skep albei in ons. Die vreugde oor wat reeds is, al is dit ’n glimlag van geloof deur die trane, of al is dit net die trane oor die stukkendheid van die wêreld. Dit skep ook die ontevredenheid oor wat nog nie is nie. So gee die “reeds” en die “nog nie” van die Koninkryk sowel diepte én rigting, kwaliteit én voortgang aan ons *diens-en-getuienis*.

Uiteindelik sal alles nuutgemaak word en alle nasies sal God dan verheerlik.

Later in die tyd van Domitianus, aan die einde van die eerste eeu na Christus, 55 jaar na sy kruis en opstanding, sou dit lyk asof *alles* daarmee heen is, met vervolging van buite (Op 2:10,13) en dwaling van binne (Op 2:14-15). Die Christene sou twyfel of Jesus werklik die *Kurios* (Koning) en *Soter* (Verlosser) is, omdat al die nasies agter die keiser aanloop en niemand teen hom kan standhou nie (Op 13:3-4). Juis toe kom die boodskap tot Johannes op die eiland Patmos: “Kyk Ek maak *alles* nuut, sê God” (Op 21:5). Nie: “Ek vernietig alles”, nie. Ja, die see word vernietig, in die poel van vuur gegooi, maar as simboliese oorsprong van alles wat

boos is. Ja, die draak wat bedrieg en vervolg word vernietig. Ja, die wat God se skepping vernietig word self vernietig (Op 11:18).

God se oordele spoel wel drie keer oor die skepping, maar dan om die nasies tot bekering te bring (Op 9:20). Daarna, wanneer dit lyk asof die nasies reeds weggegooi en deur vuur verteer is (Op 19:18-21; 20:7-10), daag hulle op by die poorte van die Nuwe Jerusalem (Op 21:24), om genesing te vind by die blare van die boom van die lewe (Op 22:2). En by hulle is hulle konings. Daardie konings bring nou hulle skatte om God te verheerlik (Op 21:24). Die belofte aan Abraham (Gen 22:18) gaan in vervulling! Die nasies word geseën, genees, kom tuis. Dit wat die deurbraak bring, God se plan in vervulling laat gaan, is die bloed van die Lam (Op 5:9; 12:11) en die getuienis van die gelowiges (Op 10-11; 12:11). My en jou getuienis.

3.4 Gestuur in die krag van die Heilige Gees

Die derde deel van die beleidsdokument vertoon die karakter van 'n missionêre ekklesiologie. Dit handel oor die gestuurdheid van die kerk en wat dit alles behels. Daarin word spesifiek gefokus op die rol van die Heilige Gees. In die eerste twee dele is die sending van die Drie-enige God en van die Seun aan die orde gestel. Nou kom die Heilige Gees aan die beurt. Maar die Gees werk deur die kerk. Daarom gaan dit in hierdie deel ook oor die sending van die kerk (*missiones ecclesiae*).

Die beleidsdokument sê dat dit 'n wesenskenmerk van die kerk is om aan God se sending deel te neem. Dit beteken dat die hele bestaan van die kerk aan die sending (*diens en getuienis in eenheid*) gekoppel is. As die kerk nie aan God se sending deelneem nie, is dit nie waarlik kerk nie. Dit is waarvoor die kerk eintlik bestaan: Om deur God ingeskakel te word by God se eie missie om die hele wêreld nuut te maak.

3.4.1 Die identiteit en doel van die kerk se bestaan

1 Pet 2:9 bevestig klaarblyklik hierdie standpunt wanneer dit oor die kerk sê: *Julle, daarenteen, is die uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.*

Die vers beklemtoon die *identiteit van die kerk* en die *doel van sy bestaan*. Binne die konteks van die betrokke hoofstuk word die identiteit en roeping van die kerk met verskillende beelde belig.

- 3.4.1.1 Die kerk is 'n *geestelike huis* ('n tempel) met Jesus as hoeksteen, waarby elke Christen as 'n lewende steen ingebou word. Die kerk (die mense, nie die gebou nie) is God se woning hier op aarde. Elke gelowige is inderdaad 'n tempel van die Heilige Gees (1 Kor 3:16; 6:19). Petrus beklemtoon egter die eenheid van die gemeente. Elke Christen is 'n lewende steen, maar hierdie stene word saamgevoeg, ingemessel, om saam die geestelike huis te vorm waarin God woon (sien ook Ef 2:20-22). Dit is God se adres in die wêreld – die gemeente. Vanselfsprekend geld dit in die eerste plek die plaaslike gemeente. Daarom noem die beleidsdokument ook die plaaslike gemeente die primêre instrument van God se sending in die wêreld. Dit bly egter ook die wese, die identiteit van die kerk in al haar gestaltes. Die gemeente leef voor die aangesig van God, in sy teenwoordigheid (*coram Deo*).
- 3.4.1.2 Dadelik spring Petrus na 'n volgende beeld: die lidmate is ook 'n *heilige priesterdom* wat in hierdie tempel diens doen. Deur Jesus Christus bring hulle geestelike offers wat vir God aanneemlik is. Hulle is heilig, want God het hulle vir hierdie diens toegeëien, afgesonder en toegerus.
- 3.4.1.3 Daarby sluit vers 9 aan. Die kerk word weer as priesterdom beskryf, maar hierdie keer as 'n *koninklike priesterdom*. Daarmee sluit hy aan by Eks 19:5-6. Daar sê die Here vir Israel, as hulle hulle aan die verbond hou, sal hulle uit al die volke God se eiendom wees, “...’n koninkryk wat my as priesters dien, en ’n gewyde nasie.”
- 3.4.1.4 Dit gaan nie maar net oor die rol wat Aäron en sy seuns (die priesters) vervul het nie. Dit gaan oor dit wat die hele volk Israel in hulle lewe tussen die nasies verteenwoordig. Deur die verbond te hou word hulle die kanaal van God se teenwoordigheid en seën onder die nasies. Hulle speel dus 'n bemiddelende rol, die rol van priesters. Die hele volk is priesters wat vir God afgesonder is. In Gereformeerde terme sou ons kon

praat van die priesterskap van alle gelowiges. En in ons verstaan van priesterskap is daar natuurlik altyd die ondertone van gebed (aanbidding/voorbidding) én barmhartigheidsdiens.

- 3.4.1.5 Maar Petrus sê nie net dat hulle 'n koninkryk van priesters is nie. Die kerk is volgens hom 'n *koninklike* priesterdom. Dit beteken, hulle is priesters met die status van konings. Hulle word met die Koning geassosieer. Hulle deel ook in die Koning se gesag. Hulle oefen egter die gesag uit as priesters – met empatie en deernis. Dis die soort koning wat opkom vir reg en geregtigheid in die samelewing, wat omsien na die armes en gemarginaliseerdes.
- 3.4.1.6 Hierdie identiteit lei verder tot 'n *profetiese lewensdoel*. God maak hulle sy eiendom – *sodat* hulle sy verlossingsdade sal verkondig. Dit is 'n profetiese funksie. Hulle moet getuig van die groot omkeer in hulle lewe. God het hulle uit die duisternis geroep na sy wonderbare lig. Dit is die groot wonderdade waarvan hulle moet vertel. Hulle het God se stem gehoor en dit het hulle hele lewe verander.
- 3.4.1.7 In die konteks is hierdie getuienis oor God se wonderdade duidelik die *doel van die kerk se bestaan*. Maar, soos ons pas gewys het, laat die konteks ons ook verstaan dat hierdie getuienis verskillende dimensies het. Ons beleidsdokument som dit op in terme van wat tradisioneel as die drie ampte van Christus beskryf word: *koning, priester en profeet*. Inderdaad is dit die dimensies wat ons in 1 Pet 2 raaksien.

3.4.2 Gestaltes van die gemeente se lewe en bediening

Volgens die beleidsdokument leef die kerk hierdie getuienis op verskillende maniere uit. Ons kan dit sien as verskillende gestaltes van die kerk se bediening. Dit spel uit hoe ons as gemeente van die Here in die wêreld moet leef om as *priesters, konings en profete* ons missionêre roeping te vervul. Omdat die gemeente in sy wese missionêr is, kry al die verskillende gestaltes van die gemeentelike lewe missionêre betekenis.

Die prentjie wat Hand 2:37-47 vir ons van die eerste Christelike gemeente teken, bevestig en illustreer hierdie siening onteenseglik. Ons kyk kortliks na die implikasies van dié prentjie.

3.4.2.1 Lewe in die teenwoordigheid van God (*coram Deo*)

Die gemeente leef in die teenwoordigheid van God (*coram Deo*). Dit is tog die eintlike betekenis van die vervulling met die Heilige Gees, wat die konteks van hierdie gedeelte vorm (Hand 2:1-4). Wanneer God se Gees op die gemeente uitgestort word, is dit met die doel om elke oomblik by hulle teenwoordig te wees, in hulle te leef en deur hulle te werk. So, en op geen ander manier nie, verwesenlik God sy eie missie deur die gemeente. Ons ontvang krag as die Heilige Gees oor ons kom en word so God se getuies (Hand 1:8). Die bruisende gemeentelewe wat Lukas in Hand 2:37-47 beskryf, is die direkte resultaat van die vervulling met die Heilige Gees. Dit lok mense uit die duisternis na die lig van God se magtige teenwoordigheid (Jes 60:1-3).

Hand 2:42 bied vir ons 'n kort samevatting van hierdie lewe in die teenwoordigheid van God:

“Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebed.”

Uit vers 41 kan ons aflei dat die “hulle” waarvan hier gepraat word, die drie duisend mense is wat pas tot bekering gekom het en gedoop is. Dis 'n nuwe gemeente. 'n Massiewe gemeente. Maar hierdie hele gemeente is entoesiasies betrokke by vier lewens-noodsaaklike aksies.

- Hulle fokus met hulle hele hart op die leer van die apostels.
- Hulle ervaar ongekeerde gemeenskap – onderlinge verbondenheid met mekaar – en bou dit verder uit met praktiese daede van omgee en wedersydse sorg.
- Hulle vier hulle verbondenheid met Christus en met mekaar in gemeenskaplike maaltye.
- Hulle volhard in die gebed.

3.4.2.2 Aanbidding en voorbidding (*leitourgia*)

Hoewel die gebed laaste genoem word, is dit duidelik 'n prominente deel van die eerste gemeente se lewenswyse. Waar mense met die Gees vervul is en in die teenwoordigheid van God leef, kan dit nie anders nie. Ons beleidsdokument sien dit as 'n bediening waarin ons God aanbid en vir die wêreld intree. Dit is die gemeente se erediens (*leitourgia*). En dit het klaarblyklik missionêre dimensies. Waar die gemeente God in Gees

en waarheid aanbid, word dit as sodanig 'n getuienis aan die wêreld oor die realiteit van God se liefde, genade en krag. Daarom verduidelik Paulus dat die effek van die erediens op buitelanders en ongelowiges moet wees dat hulle uiteindelik op hulle knieë sal val, God aanbid en openlik getuig: “God is hier by julle” (1 Kor 14:25).

In die eerste gemeente was voorbidding ook 'n belangrike aspek van die bediening. Wanneer die gemeente voor nuwe uitdagings te staan kom, wend hulle hulle telkens tot die Here – vir beskerming in tye van vervolging, vir wysheid om regte besluite te neem, vir vrymoedigheid om die evangelie te verkondig, vir tekens en wonders om die boodskap te bevestig (Hand 4:23-31). Dit is die kragbron wat die gemeente se getuienis in die wêreld moontlik maak. En terselfdertyd 'n teken van die gemeente se afhanklikheid van God en hulle omgee vir die wêreld. Dit is die *priesterlike bediening van versoening* in aksie.

3.4.2.3 Onderlinge verbondenheid (*koinonia*)

Die sterk onderlinge verbondenheid is ook kenmerkend van die eerste gemeente. Hulle vorm 'n nuwe gemeenskap – die gemeenskap van die heiliges. Die woord *koinonia* beskryf hulle verhouding in Hand 2:42. Dit is waarop hulle hulle heelhartig toelê. Hulle leef in die nouste verbondenheid met mekaar. Hulle deel mekaar se lief en leed, vreugde en pyn. Hulle sien om na mekaar, sorg vir mekaar. Hulle raak vry van selfsug en hebsug. Hulle skroom nie om hulle besittings met mekaar te deel nie. Hulle is sensitief vir mekaar se nood en behoeftes, en sorg dat niemand verwaarloos voel of gebrek ly nie. Hulle eet dikwels saam – met blydskap en in alle eenvoud. Daar heers groot eensgesindheid onder hulle (Hand 2:44-46; 4:32-35).

Die gemeente vier hierdie verbondenheid met gemeenskaplike maaltye (Hand 2:42,46). Dit vind van huis tot huis plaas (vs 46). Dit beteken dat hulle nie net by die tempel vergader het nie, maar ook by gelowiges se huise, waarskynlik in kleiner groepe. Verklaarders reken allerweë dat hierdie maaltye die Nagmaal ingesluit het, maar ook meer was as net dit. Dit was liefdesmaaltye. Die *agape*-maaltyd. 'n Viering van hulle gemeenskap met die Here – en met mekaar. Dit is 'n teken van hulle eenheid. Dit demonstreer hulle verbondenheid en mededeelsaamheid. Dit bind hulle saam.

In moderne terme sou ons dalk hierdie gemeente kon beskryf as 'n *alternatiewe gemeenskap*. Omdat dit so totaal anders is as die norm, trek dit aandag. Hier het 'n paradigmaskuif plaasgevind ten opsigte van waardes. Die nuwe waardes wat hulle uitleef, maak 'n groot verskil in hulle hele samelewing. Dit word 'n onlosmaaklike deel van hulle getuienis. Dit is die manier wat God gebruik om elke dag mense te red, duisende nuwe gelowiges by die gemeente te voeg.

3.4.2.4 Diens aan mense in nood (*diakonia*)

Wanneer die onderlinge verhoudings binne 'n gemeente deur egte Christelike liefde bepaal word, groei die diensmotief outomaties daaruit. En uiteindelik kan hierdie diensmotief nooit ingeperk word binne die grense van die gemeente nie. Die gelowiges dien mekaar in liefde, maar leer terselfdertyd om ook die nood buite hulle eie grense raak te sien. Die liefde van God wat in hulle harte leef, maak dit onmoontlik om nood te ignoreer. Dit dring gelowiges om oor alle grense uit te reik na enige vorm van nood. Dit was kenmerkend van Jesus se eie bediening. Die kerk kan nie anders as om Hom daarin na te volg nie.

Dit het inderdaad ook gebeur in die eerste gemeente. Die saad van die onderlinge liefde en sorg wat aan die begin in die gemeente geplant is, ontkiem en groei oor grense. In Hand 6 sien ons hoe 'n kulturele grens oorgesteek word. Die Griekssprekende weduwees mag nie verwaarloos word met die daaglikse versorging van die armes nie. Hulle moet dieselfde sorg ontvang as die Hebreeussprekendes. Dit lei tot die verkiesing van die sewe “diakens”. Die gemeente maak seker dat sy liefdesdiens nie eksklusief raak nie. Dit moet almal insluit.

Die storie oor Tabita (of Dorkas) in Hand 9:36-42 bevestig dat hierdie bediening al wyer in die samelewing uitgekring het. Al die weduwees in Joppe kom wys snikkend vir Petrus die klere wat Dorkas vir hulle gemaak het. Haar liefdadigheid het klaarblyklik die hele gemeenskap geraak.

Die uiteinde van Dorkas se storie wys weereens hoe onontbeerlik al die bedienings is in 'n gemeente se poging tot effektiewe getuienis. Haar diensbaarheid teenoor mense in nood was die eintlike trekpleister wat baie mense in 'n heidense omgewing by die ware God uitgebring het. Nadat sy uit die dood opgewek is, het die hele Joppe daarvan gehoor, en baie mense het tot geloof in die Here gekom (Hand 9:42).

3.4.2.5 Verkondiging van Goeie Nuus (kerugma)

Die gemeente het ook erns gemaak met die leer van die apostels. Die apostels se boodskap is vir die gemeente gesaghebbend omdat dit die boodskap is wat Jesus aan hulle toevertrou het. Dit is die boodskap wat uiteindelik neerslag vind in die geskrifte van die Nuwe Testament. Dit is die goeie nuus wat die gemeente aan die wêreld moet verkondig (die *profetiese roeping* van die gemeente).

Maar eers moet hulle dit self hoor, verstaan en begryp. Hulle ontvang natuurlik hierdie boodskap uit die perd se bek. Hulle sit aan die voete van die apostels. Hulle luister na eerstehandse getuies, wat self vir Jesus hoor praat het oor die Koninkryk van God en teenwoordig was by sy dood en opstanding. Die verkondiging van daardie boodskap tref hulle diep, roer hulle harte, bring hulle tot inkeer en skuldbesef, laat die geloof ontkiem en verander hulle lewens.

Hierdie boodskap is die krag van God tot redding van elkeen wat glo (Rom 1:16). Dit het die mag om die wêreld te verander. Dit is die naelstring van God se nuwe wêreld. Dit is die kanaal waardeur God se liefde en genade in Christus na die wêreld toe vloei. As hierdie goeie nuus nie verkondig word nie, is die wêreld gedoem, totaal verlore.

By die eerste gemeente leer ons egter dat hierdie verkondiging deel is van 'n omvattende bediening. Dit staan nie op sy eie nie. Ons beleidsdokument sê tereg ons word geroep om die evangelie van God se verlossing aan almal te bedien, deur woorde (*kerugma*), deur daad (*diakonia*) en in 'n verhouding van liefde en eenheid (*koinonia*). By hierdie hele pakket kom ook nog die lewe in die teenwoordigheid van God (*coram Dei*) wat uitloop op afhanklikheid en aanbidding (*leitourgia*). Al hierdie aspekte van bediening hang saam. Die een gaan nooit sonder die ander nie. Dit kan nie van mekaar losgemaak word nie. Saam vorm dit 'n geloofwaardige getuienis. Juis in so 'n omvattende bediening lê ook die krag en effektiwiteit van die eerste gemeente se getuienis.

In die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis (VDDG) wil ons presies laasgenoemde punt beklemtoon en laat reg geskied daaraan in die struktuur van ons kerkwees en missionêre roeping. In die verlede het ons hierdie verskillende gestaltes van die gemeentelêre en bediening te veel in kompartemente verdeel. Daardeur het ons heelwat van die effektiwiteit van ons getuienis ingeboet.

3.4.2.6 Geregtigheid, versoening, heling en hoop

Ons het reeds na die Jerusalem-gemeente as 'n *alternatiewe gemeenskap* verwys. Ons het gesê dit was 'n gemeenskap waarin 'n paradigmaskuif ten opsigte van waardes plaasgevind het. Die gemeente van Jesus se volgelinge leef nie meer volgens die wêreldse patroon nie (Rom 12:2), maar volgens Koninkrykswaardes. Dit sluit sonder twyfel ook lewenspraktyke en waardes soos *geregtigheid, versoening, heling en hoop* in (soos wat ons beleidsdokument dit uitspel).

In die storie van die eerste gemeente kom hierdie sake op 'n indirekte manier na vore. Hulle agiteer nie vir geregtigheid in die samelewing soos ons dit vandag sal doen nie. Hulle toyi-toyi nie in die strate vir die herverdeling van grond en rykdom nie. Hulle hele leefstyl het egter verreikende implikasies. Die manier waarop hulle byvoorbeeld sorg dat niemand in hulle midde gebrek ly nie, is niks minder as 'n praktiese gestalte van geregtigheid nie. Hulle versorg die weduwees en die armes in hulle midde. Hulle stel selfs mense aan wat hulle volle aandag op hierdie bediening moet fokus (Hand 6:1-7). Die apostels bevestig die erns van hierdie bediening met handoplegging (vs 6). En die hele gemeente werk saam. Dié wat grond of huise besit het, verkoop dit en bring die geld na die apostels om uit te deel volgens elkeen se behoefte (Hand 4:34-35). Almal kom dus op 'n gelyke voet. Almal kry die kans om menswaardig te voel en te lewe. Dit is geregtigheid.

Vir baie mense lyk hierdie samelewingsvorm natuurlik na 'n vroeë vorm van kommunisme. En verklaarders sien dit meermale as 'n eksperiment wat nie regtig volhoubaar was nie. Later lees ons inderdaad ook dat die gemeente in Jerusalem uit ander oorde hulp moes kry om hulle armes te help versorg (Hand 11:29; Rom 15:25-26). Die feit bly egter dat hierdie vroeë Christene 'n gesindheid van liefde openbaar wat grondverskuiwende implikasies het vir die hele samelewing. Hulle word 'n toonvenster van God se Koninkryk wat in die hele wêreld moet kom. In hulle klein maar groeiende gemeenskap vind die tipe versoening en heling plaas wat vir die hele wêreld demonstreer wat moet gebeur waar God regeer. Hulle wys vir die hele samelewing waarheen God met die wêreld op pad is. Dit genereer hoop. Die Messias het gekom en God se Koninkryk breek deur. God se nuwe wêreld is op pad! Die gemeente is die

teken en voorsmaak van daardie nuwe wêreld. Daaroor getuig hulle ook met vreeslose vrymoedigheid.

Natuurlik was alles nie maanskyn en rose nie. Die hartseerverhaal van Ananias en Saffira (Hand 5:1-11) wys maar net hoe gou die ou mens in ons almal sy kop weer uitsteek en met selfsug die gemeente se nuwe lewe kom bederf. Die feit dat hulle net daar dood neerslaan wys egter ook God se erns om die ou mens met wortel en tak uit te roei. Dit bring heilige respek in die kerk en die samelewing. God duld nie bedrog en korrupsie nie.

Terwyl die eerste gemeente getuig oor die hoop van die opstanding waarby hulle leef, kry hulle ook sterk teenkating van die leiers van die Joodse samelewing (Hand 4:1-22; 8:1-4). Hoewel dit eintlik die godsdienstige leiers is wat die vervolging van die kerk orkestreer, verteenwoordig hulle tog die sosiale orde van die tyd en is hulle optrede tiperend van die reaksie wat ons dikwels kry op die publieke getuienis van die kerk. Hulle probeer die kerk muilband. Waar die gemeente egter met die Gees vervul is, is daar altyd 'n vreeslose vrymoedigheid om aan te hou getuig en God meer te gehoorsaam as die owerhede (Hand 4:19-20; 31).

3.4.2.7 *Bewerk en bewaar God se skepping*

In ons tyd is een van die belangrikste aspekte van ons publieke getuienis die kwessies wat te doen het met die ekologie. Aardverwarming (of klimaatverandering) en die verwoestende gevolge daarvan is oral in die nuus. Daar is 'n groeiende besef in die wêreld dat ons huidige manier van lewe nie volhoubaar is nie. Die aarde is moeg. Ons is besig om die natuurlike hulpbronne uit te put. Dit wil lyk of natuurrampe geweldig toeneem in ons tyd. Dit is asof die aarde protesteer! Dalk moet ons God se stem daarin hoor ...

Hierdie kwessies kom ook nie in Handeling direk aan die orde nie. Dit was nie kwessies op die sosiale agenda van daardie tyd nie. In ons tyd sal ons egter ongehoorsaam wees aan God as ons nie ons stem hieroor dikmaak nie. As Jesus vandag met ons oor die dinge van die Koninkryk van God moes praat (Hand 1:3), sou hierdie kwessies beslis op sy agenda gewees het!

3.4.3 Die aard en gesindheid van ons getuienis

In par 3.2 van die beleidsdokument word die gesindheid uitgespel waarin die gemeente haar missionêre roeping moet vervul. 'n Hele rits noodsaaklike kwaliteite word opgenoem. Vervulling met die Gees, geloofwaardigheid, gehoorsaamheid, navolging van Christus, deernis, diensbaarheid, nederigheid, 'n vaste oortuiging, openheid om grense oor te steek. 'n Mens sou die lys kon aanvul. Eintlik gaan dit maar oor egte Christenskap. Soos ons reeds gesien het, het elke gestalte van die gemeente en breër kerkverband se lewe en bediening missionêre dimensies. Wat ons glo, hoe ons leef, ons manier van omgaan met mekaar en die wêreld, ons verhoudings en aktiwiteite op alle vlakke van kerk en samelewing, alles dra by tot ons sukses of mislukking as getuies. Ons preek nie net die boodskap nie; ons ís die boodskap.

Om hierdie punt Bybels te begrond, sou ons bloot kon verwys na die vrug van die Heilige Gees (Gal 5:22-23). Dié vrug skep die soort mens wat ander onweerstandbaar na Christus toe trek. Dit is die prentjie van 'n nuwe mens; 'n mens wat aan Christus gelykvormig is (2 Kor 3:18). Daarom is dit ook die definisie van 'n effektiewe getuie.

Ons kan baie van Paulus leer oor die gesindheid wat nodig is om ons getuienis effektief te maak. Sy tweede brief aan die Korintiërs is 'n sprekende voorbeeld van sy eie worsteling om die vrug van die Gees te demonstreer in sy hele missionêre bediening. David Bosch beskryf dit baie raak in sy boekie oor 2 Korintiërs, *A spirituality of the road*. Veral in 2 Kor 4 en 6 kom die kwaliteite wat ons hierbo genoem het sterk na vore. Terwyl sy gesag as apostel in die gedrang is by die gemeente in Korinte, moet Paulus sy geloofwaardigheid en integriteit bewys. Die ietwat vreemde kombinasie van opregte nederigheid en onwrikbare oortuiging is opvallend. Paulus weet hy is self soos 'n kleipot wat maklik breek, maar hy is absoluut oortuig dat hy die skat van die evangelie in daardie kleipot dra (2 Kor 4:7). Daarom skroom hy nie om te getuig dat die krag van God wat alles oortref, deur hom werk nie. In die proses bly hy egter altyd 'n dienaar – letterlik 'n slaaf, *doulos* in die Grieks (2 Kor 4:5). Dit gaan nie oor homself nie. Dit gaan oor Christus. En dit gaan oor ander mense. Hy is Christus se dienaar en 'n dienaar van die mense wat hy wil bereik met die evangelie. Daarom maak hy seker dat hy vir niemand aanleiding tot aanstoot gee nie; dat niemand met sy bediening kan fout vind nie (2 Kor

6:3). Terwille van sy bediening is hy bereid om te ly, te ontbeer en hard te werk.

In 2 Kor 6:6-7 gee hy 'n aangrypende beskrywing van sy gesindheid: *Ons het onberispelik opgetree, met begrip, met verdraagsaamheid en vriendelikheid. Dit alles het ons gedoen deur die Heilige Gees, deur opregte liefde, deur die woord van die waarheid en deur die krag van God. Ons wapen vir aanval en verdediging is om die wil van God te doen.* Hy sluit nog die gedeelte af met 'n plegtige verklaring van sy openhartigheid teenoor die Korintiërs (vs 11). Hoewel daar by tye harde woorde tussen hulle geval het, is sy hart wyd oop vir hulle. Hy praat met hulle as sy kinders, met groot deernis en openheid (vs 13). Hy het geen geheime agenda nie. Hy wil graag hulle kant van die saak verstaan en begryp. Hy wil empatie beoefen. Nie net sy hart nie, maar sy oë en ore is ook wyd oop.

Ons moet dit ook hard en duidelik vir mekaar sê: Sonder hierdie soort gesindheid is al die kerk se pogings tot diens en getuienis waardeloos. Dit behoort te alle tye die *styl* van die gemeente se leierskap te stempel. Dit moet die toonaard van elke gestalte van die bediening uitmaak. Dit is hoe Jesus self te werk gegaan het om die Koninkryk van God te laat kom. Eintlik kan ons sê: Dit is inderdaad hoe dit in God se ryk daaraan toegaan. Dit is die leefstyl van God se nuwe wêreld. Die wese van ons missionêre roeping is om dienaars te wees (*douloi* en *diakonoi*). Daarom sluit die beleidsdokument ook die betrokke paragraaf af met die opmerking dat ons nooit diens en getuienis van mekaar kan losmaak nie.

3.4.4 Praktiese riglyne vir die uitleef van ons roeping

Die beleidsdokument gaan in paragraaf 3.3 voort om praktiese riglyne uit te stippel vir die uitlewing van ons missionêre roeping. Ons kyk heel konkreet na verskillende stappe wat ons moet neem om te sorg dat hierdie bediening nie in die lug bly hang nie. Ons sal immers misluk as ons deeglike teologiese navorsing gedoen het en 'n mooi teorie kan opstel, maar dit maak geen verskil aan die lewe van mense in fisiese en geestelike nood nie.

3.4.4.1 Onderskei die wil van God vir ons konteks

Om effektief te kan dien en getuig moet ons allereers 'n goeie begrip hê van die konteks van ons bediening. En ons moet weet wat die wil van God vir die bepaalde konteks is. Daarvoor het ons geestelike onderskeidings-vermoë nodig.

Hierdie is 'n saak wat baie aandag geniet in die geleedere van die SAVGG. Hulle beklemtoon dat deeglike kontekstuele analyses noodsaaklik is vir 'n missionêre bediening. Maar dit bly nie net by 'n akademiese oefening nie. Inteendeel. Dit moet juis uitloop op die onderskeiding van God se wil in daardie konteks. Dit is inderdaad 'n geestelike proses. Dit gebeur waar 'n gemeente saam voor die aangesig van God worstel om uit te vind wat haar spesifieke roeping in die betrokke sosiale konteks is.

Ons beleidsdokument gee 'n goeie opsomming: *Ons is geroep ... om dit waartoe God ons in en vanuit hierdie konteks roep, biddend en saam met ander te onderskei en te gehoorsaam.*

Vir 'n goeie Bybelse voorbeeld van hierdie soort geestelike onderskeiding kan ons weer teruggaan na Handeling. Wanneer die eerste gemeente in Jerusalem hulle vasloop in teenkating en deur die Joodse Raad met dreigemente verbied word om oor Jesus te praat, kry hulle dadelik die gemeente bymekaar om voor die aangesig van God te besin oor die situasie (Hand 4:23-31). Let op die volgende fasette van hulle optrede:

- Hulle besef dat hulle in 'n dilemma verkeer. Dit impliseer dat hulle 'n evaluasie van hulle situasie in die bepaalde konteks gedoen het.
- Omdat hulle bewus bly van God se teenwoordigheid (hulle leef *coram Dei*), soek hulle dringend by Hom leiding en versterking.
- Hulle bid saam met al die medegelowiges; die hele gemeente is skynbaar betrokke.
- Terwyl hulle bid, is hulle almal met die Heilige Gees vervul.
- Dit gee vir hulle vrymoedigheid om hulle roeping uit te leef (*The Message* praat van “*fearless confidence*”).
- Omdat hulle oortuig is van hulle roeping, is hulle bereid om God te gehoorsaam ongeag die gevolge (Hand 4:19-20; 5:28-29).

3.4.4.2 Luister na die stemme wat roep om bevryding

Ons roeping tot diens en getuienis het te doen met die konkrete nood van mense. In aansluiting by die vorige punt, beklemtoon ons beleidsdokument dat hierdie bediening daarom begin met 'n luisterproses. As ons regtig mense wil help, moet ons eers hulle diepste nood verstaan. En om mense se nood te verstaan, moet ons bereid wees om te luister. Te dikwels in die verlede het ons vir lydende mense goedkoop antwoorde gegee. Ons het besluit watter medisyne ons wil uitdeel – sonder om die siekte saam met hulle te diagnoseer. Dit is arrogant en teenproduktief. Daarom is die “luisterseisoen” wat in die afgelope paar jaar in baie gemeentes van die NG Kerkfamilie geïmplementeer word besonder tydig.

In ons samelewing is daar baie stemme wat om hulp roep. Daar is oorweldigende nood en lyding. Op geestelike vlak, maar ook emosioneel, sosiaal en fisies. Die beleidsdokument noem praktiese voorbeelde. Dit begin by die stemme wat uitroep om verlossing van sonde. Die geestelike nood bly 'n prominente behoefte. Maar daar is lyding in baie ander vorme. Dit is die stemme wat uitroep om *bevryding van vrees, honger, siekte, pyn, armoede, misdad, geweld, onreg, werkloosheid, MIV en vigs, alkohol- en dwelmverslawing, verkragting, vroue- en kindermishandeling*. Ons kan die lysie nog baie langer maak. Die feit is, ons ore moet ingestel raak op lyding in alle dimensies.

Dit sal alleenlik gebeur as ons werklik *deernis* het met mense in nood. Waarskynlik is dit juis ons probleem. Ons het afgestomp geraak. Omdat ons aan so baie lyding blootgestel word, vind ons dit moeilik om *empatie* te hê met mense wat ly. Daarsonder val die hele missionêre kaartehuis egter in duie.

As God mense stuur, verwag God dat hulle eers moet gaan sit en luister. Esegïel word gestuur om die ballinge in Tel-Abib te gaan bedien. Maar eers moet hy vir sewe dae daar tussen hulle gaan sit by die Kebarrivier. Hulle pyn en lyding maak hom verskrik (Eseg 3:16). Hy is verstom, praat nie 'n woord nie. Hy luister net en ervaar hulle hartseer en swaarkry. Hy moet eers in hulle skoene gaan staan, empatie kry met hulle omstandighede. Eers dan volg sy opdrag, sê die Here vir hom wat hy moet gaan doen en sê.

Nehemia se bediening begin ook na 'n luistersessie. Hy maak kontak met amptenare wat van Juda af terugkom. Hy doen navraag oor die Judeërs wat uit ballingskap vrygelaat is en teruggegaan het na Jerusalem. Hy hoor dat hulle daar in die provinsie Juda groot ellende en smaad beleef. Die mure van Jerusalem lê om en die stadspoorte is verbrand. By die aanhoor van dié nuus gaan sit en huil hy vir dae lank. Hy treur oor die situasie. Dan begin hy vas en bid. En God gee hom die visie, die planne en die deursettingsvermoë om 'n verskil te gaan maak. God self sorg ook dat hy alles kry wat nodig is om hierdie bediening deur te voer.

In die verhaal van die vroeë kerk in Handelingte moes die apostels ook eers luister en deeglik kennis neem van die klagtes van die Griekssprekende lede van die gemeente oor hulle weduwees wat afgeskeep word met die daaglikse versorging. Dit lei uiteindelik tot 'n herstrukturering van hulle hele bediening. Die diens van barmhartigheid word uiteindelik baie meer doelgerig en effektief aangepak.

3.4.4.3 Verlig die nood deur diens en getuienis

Wanneer ons met deernis luister na al die stemme wat roep om bevryding, roep God ons om prakties daarop te reageer. Met woord en daad. Deur profetiese getuienis en priesterlike diens, soos wat ons dit reeds in par 3.4.2 hierbo beskryf het. Ons word geroep om prakties die nood te verlig. Afhangende van die tipe nood, moet ons optree met empatie, met ontferming. Nie net met aalmoese nie, maar met regstellende aksie. Dit beteken ons moet ook deeglik kyk na die oorsake van die nood en soek na maniere om die geregtigheid van God se Koninkryk te laat seëvier. So kom beide priesterlike diens en profetiese getuienis aan die orde.

Ons kry 'n praktiese demonstrasie van hierdie benadering by Nehemia (Neh 5:1-13). Terwyl hulle besig is om Jerusalem te herbou kom daar heelwat klagtes oor uitbuiting van die armes. Hulle kry so swaar dat hulle kinders slawe moet word van hulle eie volksgenote. Hulle lande en wingerde word afgevat (vs 5). Nehemia gryp in. Hy konfronteer die vooraanstaande burgers en ampsdraers (vs 7). Hy sê dat hulle met hierdie uitbuiting wys dat hulle nie eerbied vir God het nie. Dit veroorsaak ook dat hulle vyande, die heidene, hulle minag (vs 9). Dit is die profetiese stem. Dis bemoedigend dat die volk daarna luister en hulle gedrag

radikaal verander (vss 11-12). Die priesterlike deernis kom tot uiting. En as leier stel Nehemia self 'n wonderlike voorbeeld. Hy gee sy voorregte en toelaes as goewerneur prys. Honderd en vyftig van die amptenare en werkers eet by hom aan tafel (Neh 5:14-19). Uit eerbied vir God word hy 'n dienaar van die volk – 'n dienende leier (vs 15). Dit word 'n kragtige getuienis.

3.4.4.4 Vier verskeidenheid, maar koester eenheid

Volgens ons beleidsdokument is diversiteit 'n bate vir ons getuienistaak. Ons ryk en diverse erfenis is iets wat ons moet respekteer, uitbou en vier. Die verskeidenheid van tale, kulture en gawes is deel van die potensiaal van Afrika se mense wat ons moet gebruik tot voordeel van die evangelie. Dit hoef nie 'n struikelblok te wees nie. Solank ons nie toelaat dat dit ons skei en verdeel nie, kan en moet dit ons juis help om ons getuienistaak meer effektief uit te voer.

Dit moes die vroeë kerk nog leer verstaan. God openbaar dit in 'n spesiale gesig aan Petrus (Hand 10:9-36). Petrus sien iets soos 'n groot doek wat uit die hemel neergelaat word. Dit bevat diere wat volgens die Joodse wet rein en onrein is. Hy kry opdrag om te slag en eet. As hy protesteer, hoor hy 'n stem wat vir hom sê dat hy niks onrein mag ag wat God rein verklaar het nie. Toe hy direk daarna 'n uitnodiging ontvang om na Kornelius se huis te gaan, snap hy die boodskap. Kornelius was nie 'n Jood nie. Petrus moes dus leer dat God mense uit alle nasies wil insluit in sy kerk. By wyse van spreke sou ons kon sê dat God 'n bonte verskeidenheid van mense in een doek toevou.

Ons verarm die kerk as ons mense van verskillende kulture wil uitsluit of in groepe wil verdeel. Die vroeë Christene het hierdie beginsel bevestig en toegepas by die eerste groot kerkvergadering wat Hand 15 vir ons beskryf. Almal moes toegewings maak om ruimte te maak vir die ander. Dit was natuurlik noodsaaklik vir die verspreiding van die evangelie.

Die idee dat ons verskeidenheid in die kerk moet waardeer, word baie sterk beklemtoon deur die metafoer van die liggaam waarvoor Paulus so lief was. Veral in 1 Kor 12-14 maak hy dit duidelik dat ons nie net 'n verskeidenheid van kulture nie, maar ook die diversiteit van gawes positief moet inspan vir die opbou en dienswerk van die kerk. God gee juis verskillende gawes sodat verskillende aspekte van die gemeente se

funksionering tot hulle reg kan kom. Die gawes is God se manier om die verskillende dele van sy liggaam toe te rus vir verskillende bedienings.

Wat hierdie metafoor so besonder toepaslik maak vir die verstaan van die kerk, is die feit dat die verskil tussen die lede nooit die eenheid van die liggaam in gedrang bring nie. Die feit dat die lede verskillende funksies vervul, beteken nooit dat hulle net vir hulle eie voordeel werk of in opposisie of kompetisie met ander lede is nie. Elke lid vervul sy besondere funksie tot voordeel van die hele liggaam. Elkeen maak 'n besondere bydrae tot die behoorlike funksionering van die geheel.

Hierdie perspektief is ook uiters belangrik vir die missionêre effektiwiteit van die kerk. In ons samelewing met sy buitengewone diversiteit van tale en kulture het dit baie sterk getuiskrag wanneer elkeen sy ryke erfenis en besondere gawes aanwend tot voordeel van die een liggaam. Dit word ook prakties uitgewerk in die volgende punt wat handel oor vennootskappe.

3.4.4.5 Vennootskappe met verskillende instansies

Die vorming van vennootskappe het in die afgelope tyd sterk na vore getree as 'n missionêre strategie. Dit het in die eerste plek te doen met die samewerking van kerke terwille van die koms van God se Koninkryk. Dit is 'n praktiese uitdrukking van die eenheid van die liggaam van Christus en 'n vorm van die *koinonia* wat ons reeds bespreek het. In ons eie geledere beteken dit bv dat al die kerke binne die groter NG Kerkfamilie (ook buite die landsgrense) mekaar help om die evangelie effektief te versprei.

Daarby het ons nie net evangelisasie in gedagte nie, maar ook ander gestaltes van Koninkrykswerk, soos betrokkenheid by opvoedkundige, mediese, landboukundige en ekologiese projekte. Hierdie soort betrokkenheid maak dit vanselfsprekend ook noodsaaklik om oor kerkgrense (ekumenies) saam te werk en selfs vennootskappe te vorm met regerings- en nie-regeringsorganisasies.

In Rom 1:11-12 leer Paulus vir ons 'n belangrike bybelse beginsel vir vennootskappe, nl dat dit nooit eenrigtingverkeer mag wees nie. Hy brand om Rome te besoek en 'n geestelike gawe aan hulle oor te dra. Hy weet hy het iets spesiaal om vir hulle aan te bied. Hy kom egter nie met 'n

meerderwaardige of paternalistiese houding nie. Hy beklemtoon die wederkerigheid van hulle verhouding. Hy sal nie net gee nie, maar ook ontvang. Hy sal hulle bemoedig, maar self ook bemoedig word. Elkeen het 'n bydrae om te lewer, al is dit nie noodwendig dieselfde bydrae nie. Soos die verskillende lede van 'n liggaam. Dit is werklike vennootskap.

In die geskiedenis van die sending het paternalisme dikwels die werk belemmer. Sendelinge het na mense gekom met kulturele en godsdienstige hooghartigheid. In ons huidige tydsgewrig is dit 'n gesindheid wat baie negatief ervaar word. Nederigheid, ook oor ons eie kultuur en geloofsoortuigings, is 'n baie meer effektiewe benadering vir ons getuienistaak.

3.4.4.6 *Dialog met mense van ander gelowe en oortuigings*

Die nederigheid waarna ons in die vorige paragraaf verwys het, is ook noodsaaklik in ons getuienis teenoor mense van ander gelowe en oortuigings. Ons beleidsdokument skram nie weg van die noodsaak van hierdie getuienis nie. Ons geloof in die drie-enige God noop ons om daarvoor te praat met mense wat anders dink en glo. In die postmoderne tyd is daar wel baie wat sê dis aanmatigend om te dink ons geloof en oortuigings is beter as dié van ander godsdienste. Ons kan egter nie anders nie. Ons moet getuig oor ons geloof. Maar die gesindheid waarin ons dit doen, is belangrik. Daarom praat ons beleidsdokument van *respekvolle dialoog*. Dit beteken ons moet die nodige eerbied hê vir ander gelowe en godsdienstige oortuigings. Ons moet nie net praat nie, maar ook luister. Ons moet egte belangstelling toon in dit wat hulle glo en dit ernstig neem. Dit is waarop dialoog neerkom.

Weereens stel Paulus, die groot sendeling, vir ons die voorbeeld (Hand 17:16-34). Hy gaan staan in die middel van die Areopagus en daag die Ateners uit om mooi na te dink oor al die godsdiens wat hulle beoefen. Hy was wel verontwaardig oor al die afgodsbeelde in Atene (vs 16). En hy stry met die Epikureërs en Stoïsyne (vs 18). Maar hy gee ook erkenning aan hulle godsdienstigheid (vs 22). En hy sluit aan by dit wat hulle glo (vs 23). Maar nogtans skroom hy nie om sy eie oortuigings met hulle te deel nie. Dialoog beteken immers dat jyself ook die geleentheid kry om jou eie standpunt te stel.

Paulus het wel ook verder gegaan, soos wat hy in 1 Kor 9:19-23 verduidelik. Hy het vir die Jode soos 'n Jood geword om die Jode te wen. En hy het dieselfde gedoen vir dié wat onder die wet en sonder die wet is, en vir dié wat swak is. Vir almal het hy alles geword om in elk geval sommige te red (vs 22). Hy het homself aan almal diensbaar gestel om hulle vir Christus te wen (vs 19). Dit beteken nie dat hy sy eie standpunte prysgegee het nie, maar hy het homself so geïdentifiseer met diegene wat hy vir Christus wou wen, dat hy werklik hulle sienings en oortuigings kon begryp. Daarmee toon hy diep respek vir verskillende kulture en standpunte. Uiteindelik is dit die enigste manier waarop 'n mens ook respek vir jou eie geloof en oortuigings kan wen.

3.5 Diens en getuienis in eenheid

Die beleidsdokument sluit af met 'n herbeklemtoning van die belang van eenheid indien ons effektiewe getuies wil wees. Die standaard vir dié eenheid is die eenheidsgestalte van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees. Hierdie eis word baie duidelik bekragtig deur die volledige aanhaling van Efes 4:1-6, wat die eenheid direk koppel aan die Drie-eenheid.

Die Gees smee die eenheid tussen ons en bind ons saam tot één liggaam. So word ons almal geroep tot één en dieselfde hoop. Daar is ook net één Here, en dit is Jesus, die Seun van God. Daarom is daar ook net één geloof en één doop. Dit alles is begrond in die één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.

Op geen manier kan ons die appèl tot eenheid sterker beklemtoon as met hierdie beroep op die wese en werk van Godself nie. God demonstreer die eenheid vir ons in sy intertrinitêre verhoudings, maar waarborg ook die eenheid deur ons aan Homself te koppel. Ons kan nie anders nie. As ons aan Hom behoort, behoort ons ook aan mekaar. God is één, en daarom kan ons nie van mekaar geskei wees nie.

Hierdie eenheid is 'n feit – 'n gawe van God. Terselfdertyd is dit egter ook 'n opdrag. Paulus sê ons moet ons daarop *toelê* om die eenheid wat die Gees tussen ons gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. Ons moet dit toeëien. Ons moet dit vashou. Ons moet dit handhaaf; voortdurend daaraan werk. Ons moet daarop fokus; ons daarop toelê. Dit moet gestalte kry in ons lewenswandel. Dit moet deel

word van ons leefstyl. Dit is die leefstyl wat in ooreenstemming is met die roeping wat ons van God ontvang het (vs 1). En daarvoor het ons die karaktereienskappe van vs 2 nodig: *“Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig en verdra mekaar in liefde.”* Dit is immers die eienskappe wat noodsaaklik is om in vrede met mekaar te leef (vs 3). En so bou ons die eenheid.

Hierdie opdrag tot eenheid is nie opsioneel nie. Dit lê aan die hart van die evangelie. Daarsonder het ons diens en getuienis geen krag nie. Daarom gaan hierdie beleidsdokument nie net oor diens en getuienis nie, maar oor *diens en getuienis in eenheid*. Al drie kante is noodsaaklik. Die geloofwaardigheid van ons getuienis hang daarvan af. Dit bevestig Jesus self ook in sy hoëpriesterlike gebed: *“Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.”* (Joh 17:21)

Hoofstuk 4

Hoe doen ons prakties Diens en Getuienis in Eenheid?

4.1 Zoleka se verhaal

Zoleka Khonyeni se inspirerende verhaal is 'n wonderlike voorbeeld van die effek van *diens en getuienis in eenheid* in die praktyk. In hierdie verhaal sien ons hoe die verskillende gestaltes van die kerk funksioneer en weer hoop bring in moeilike situasies. Dit demonstreer duidelik ons inter-afhanklikheid en medeverantwoordelikheid in die verkondiging van die evangelie. Zoleka het self haar verhaal aan die NGKSA sinode 2011 vertel.

In 2003 het 'n uitreikgroep van die Zithulele-vennootskap, wat gemeentes uit die NGK en VGK in Wes- en Oos-Kaapland insluit, 'n winterskool by Zithulele aangebied. Zithulele lê in die diep platteland van die Transkei.

Zoleka Khonyeni het die winterskool bygewoon. In daardie week het sy haar lewe vir die Here gegee. Sy is genooi om in Bellville te kom woon by lidmate van die Kenridge NG gemeente om tersiêre opleiding te kry en sodoende finansiêel selfstandig te word. Sy was jonk, onseker en kon skaars Engels praat, maar het uiteindelik wel die uitnodiging aanvaar. 'n Nuwe lewe het vir haar oopgegaan met die liefde en ondersteuning van haar nuwe familie en baie harde werk.

Zoleka het in die proses moeilike persoonlike besluite geneem om haarself verder te kan bekwaam. Sy het bv 'n huweliksaanbod van die hand gewys.

Sedert 2004 het sy verskillende kursusse geslaag, wat 'n sertifikaat in dagsorg vir ouer persone insluit. Ook 'n diploma in kinderversorging by INTEC, 'n oorbruggingsjaar by UNISA en 'n jaar om haar Engels op standaard te bring. Tans is sy 'n tweedejaar B Ed student aan UNISA.

Sedert 2004 is Zoleka die Xhosa onderwyser aan die Kenridge Laerskool. Sy is gewild as onderwyser en haar leerlinge het onlangs uitstekende resultate in Xhosa by die Eisteddfod behaal.

Vandag is sy die krag van haar familie en 'n rolmodel vir haar twee jonger broers en die breër gemeenskap. Sy gee ook haar energie en talente aan behoeftige kinders in Khayelitsha en Gugulethu se informele behuisingsarea. Sy doen veral moeite om hulle in kontak met kinders van ander kultuurgroepe te bring.

Die Christenfamilie by wie sy sedert 2003 woon, beleef Zoleka as 'n inspirasie vanweë haar sterk geloof, haar deursettingsvermoë en dankbare lewenshouding. Omdat sy beter verstaan wat armoede en hooploosheid beteken as die meeste mense, wil sy graag die genade wat sy ontvang het terugploeg. Mense wat haar ken, getuig dat haar invloed op ander mense onmeetbaar is.

4.2 Die konteks van ons *Diens en Getuienis in Eenheid*

Deur *diens en getuienis in eenheid* neem ons deel aan God se sending. Ons verkondig die evangelie, nie net binne die kerk nie maar ook in die wêreld. Ons neem aan God se sending deel deur die kommunikasie van die evangelie met woorde en dade.

4.2.1 *Kommunikasie deur woorde en dade*

Egte kommunikasie in dié verband is 'n vorm van praat en doen. Daarmee wil ons drie dinge doen: Ons wil die ander aanspreek, die ander as selfstandige mens respekteer en die ander in liefde nadertrek en met argumente probeer oorrede. Ons wil nie mense afhanklik maak nie, maar eerder nuwe lewensmoontlikhede skep.

Die “taal” waarin ons deur *diens en getuienis in eenheid* kommunikeer is woorde en dade. Wanneer ons deur taal met ander kommunikeer, maak ons vier basiese aansprake:


- Eerstens veronderstel ons dat ons verstaanbaar praat. Dat die ander ons kan hoor en weet wat ons sê, omdat die taal wat ons gebruik en hoe ons dit gebruik dieselfde inhoud oordra as wat hulle verstaan.
- Tweedens veronderstel ons dat wat gesê word feitlik korrek is en nie misleidend nie.
- Derdens maak ons daarop aanspraak dat ons die waarheid praat. Dat wat ons sê sin maak en bevestig wat mense weet en ooreenstem met almal se oortuigings en beste belange.
- Vierdens maak ons aanspraak op waaragtigheid: egte, eerlike en opregte kommunikasie, betroubaarheid, in ons en ander se beste belang.

Die gevaar bestaan wel dat ons “taal” vir mense onverstaanbaar kan wees. Dat ons of hulle dit met ander inhoude kan vul, dat ons oortuigings kan verskil en dat ons uiteindelik as oneerlik beleef kan word.

Ons moet veral kennis neem van die uitdagings wat die kommunikasie van die evangelie in Afrika stel. In Afrika word veel eerder stories vertel as wat abstrakte verklarings uitgereik word. Kommunikasie deur dans en getuiesse eerder as teologiese definisies en argumente gee die deurslag. Feeste eerder as konsepte, liedere eerder as ingewikkelde leerstellings, genesings eerder as ingewikkelde Bybelse interpretasie (hermeneutiek) is kenmerkend van hoe mense van Afrika kommunikeer (Oduro,ea 2008:109).

Uit die onderstaande diagram blyk dit dat die basis vir die doen van *diens en getuies in eenheid* deur ons verstaan van God gevorm word. Die diagram beklemtoon dat ons identiteit, wie ons in Christus is, ewe belangrik is. Hierdie identiteit bepaal die bediening sowel as die eenheid van ons diens en getuies.

Eers as ons konsensus bereik oor ons verstaan van God en oor ons identiteit in Christus, kan ons ons roeping saam duidelik formuleer. Diens-en-getuiesbedienings is ook nie in die eerste plek 'n program nie, maar 'n manier van kommunikeer, uitdrukking van 'n lewenshouding en ingesteldheid wat deur daade getuig. In die diagram word hierdie verskillende aspekte uitgebeeld.



4.2.2 Veranderende konteks

Die diagram wys duidelik dat die kerk (die driehoek in die diagram) altyd binne 'n bepaalde konteks funksioneer.

In ons eeu is daar 'n paar nuwe sake wat ons konteks anders maak as dié van die vorige eeu. Vigs is nuut. Klimaatsverandering is nuut (al stry mense daarvoor, vroeër het hulle nie daarvoor gestry nie). Globalisering is nuut. Die kommunisme is weg. Elektroniese kommunikasie het die wêreld waarin ons leef totaal verander en het klaarblyklik groot politieke impak. Die verwagtings van politieke bevryding het teleurgestel en daar word nuwe verwagtings aan die kerk gestel. Dit is binne hierdie nuwe konteks wat ons kerk moet wees met nuwe kapasiteit.

4.2.3 Uitdagings vir die kerk se kapasiteit

Nie net die konteks nie, maar ook die kapasiteit van die kerk het die afgelope dekades groot skuiwe beleef. Dit stel beslis nuwe uitdagings aan die *diens-en-getuienisbediening*.

Talle gemeentes kan gewoon nie meer leraars bekostig nie. Veral as ons leraars definieer as hoogsopgeleide, duur, professionele persone. Uit die praktyk blyk dat 60%-70% van VGKSA of NGKA gemeentes vakant is. Die tendens groei ook in NGK gemeentes.

Al minder studente meld hul aan om leraars te word. Universiteite se opleiding en die kerk se behoeftes skuif toenemend van mekaar af weg. Dit is 'n gevolg van die verskillende kontekste waarin hulle funksioneer.

Die kerk se agenda word bepaal deur sake soos identiteit, roeping en bediening (in die diagram hierbo die *wie, wat en hoe*). Die opleiding by die universiteite fokus nie noodwendig hierop nie, maar eerder op 'n hoë akademiese standaard in verskillende teologiese dissiplines. Dit is wel van onskatbare waarde vir die kerk.

Die vraag is nou egter: hoe help ons mekaar om weer die praktiese bediening op te tel in ons kerkfamilie?

Die uitdagings rondom die kapasiteit van die kerk kan baie uitgebrei word as ons die hulpmiddele wat beskikbaar is meer effektief gebruik bv. kundigheid, fondse en bestuur. Deur die diens-en-getuienisbediening kan ons onder andere 'n bepaalde rolspeler word in 'n vennootskap met ander kerke en organisasies.

4.3 Gestaltes van die kerk

In die voorafgaande hoofstukke en uit die bogenoemde diagram is ons identiteit (wie) en roeping (wat) reeds beskryf. Die diens-en-getuienisbediening (die hoe) word nou beskryf aan die hand van die ses gestaltes van die kerk wat teologies wyd aanvaar word.

Die ses gestaltes van die kerk wat onderskei word is:

- Die erediens (aanbidding/liturgie)
- Die gemeente
- Die kerkverband
- Die ekumeniese kerk
- Die individuele gelowiges
- Vrywillige inisiatiewe en aktiwiteite

'n Sewende gestalte, naamlik die gesin, word hier bygevoeg.

Die rede vir die beskrywing aan die hand van die verskillende gestaltes van die kerk is dat ons sal verstaan dat die kerk groter is as wat ons dink. Terwyl ons verskillende gestaltes onderskei, is juis die verhouding tussen die verskillende gestaltes belangrik. Die gestaltes vul mekaar aan, verbreed en ondersteun mekaar. In elkeen van die gestaltes van die kerk funksioneer diens-en-getuienisbedienings met dieselfde doel, maar op eiesoortige wyses.

4.3.1 Die erediens (aanbidding/liturgie)

In die erediens gaan dit oor God wat handel (*actio Dei*). Hy is die begin en einde, die Een wat spreek en die erediens moontlik maak. Hy word as Here erken en gedien.

Ons kan saam met AC Barnard sê die erediens “is die openbaring van die wesenlike stryd van God teen die afgode en die stryd vir God teen die afgode”. In die erediens kom gelowiges as verbondsgemeenskap van nuwe mense byeen om met God Drie-enig te verkeer.

Om die diens-en-getuienisbediening binne die erediens tot sy reg te laat kom moet ons fokus op elke terrein van die samelewing. Die erediens kry dan 'n sosiale en politieke karakter wat uitdrukking gee aan God se alternatiewe visie vir die samelewing. In Efesiërs 2:19 skryf Paulus oor die intieme verband tussen die private (ekonomie - *oikos*) en openbare lewe (politiek – *polis*): “Julle is nie meer ver van God af nie, nie

bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God”.

Die implementering van die ACCRA verklaring

In hulle fokus op die WARK se ACCRA verklaring oor globalisering en geregtigheid in die wêreldwye ekonomie en ekologie, het die VGKSA en die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Duitsland die Beyers Naude Sentrum vir Publieke Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch gekontrakteer om 'n proses van interaksie tussen rolspelers uit die Suide en die Noorde te fasiliteer.

Dit het gelei tot 'n grondige navorsingsprojek tussen 2007 en 2010 oor die ekonomie en ekologie in die lig van globalisering. Verskeie werksessies en studiekonferensies is gehou. By dié geleentheid het verskillende kundige navorsingsgenote uit 'n verskeidenheid vakgebiede en wêrelddele op belangrike fasette gefokus. Nuwe insigte en fokusse het ontwikkel. Verskeie betekenisvolle publikasies het die lig gesien.

Die finale navorsingspublikasie vat die uitkoms van die projek en ons voortgaande fokus goed saam: *“Van die Suide en die Noorde, saam in gemeenskap, hunker ons na 'n anderse wêreld” (From South and North, together in communion, we dream a different world).*

As deel van die projek is daar ook hard gewerk aan die ontwikkeling van preekriglyne, liturgiese materiaal en praktiese riglyne vir gemeentes binne en buite ons kerkfamilie. Die plan is om hierdie proses in 2011 af te handel en dan die materiaal beskikbaar te maak vir algemene gebruik in plaaslike gemeentes.

Tradisioneel Westerse eredienste slaag volgens Letsosa blykbaar nie daarin om Afrikane liturgies aan te spreek nie. Die kerk neem nie die kultuur en rituele van Afrika oor sake soos dood, geboorte en huwelike ernstig genoeg op nie. Westerlinge is ook onkundig oor die behoefte aan 'n Afrikaliturgie oor sake soos vrees vir bose magte en die hantering van siekte. Daar is sterk oortuigings oor die nouste verband tussen liturgie en kultuur.

Die funksie van liturgie is onder andere om 'n nuwe kultuur te help skep. Die kerk kan haar relevansie verloor as sy die belangrike rol van kultuur ignoreer. Daarteenoor kan die kerk egter ook haar getuieis in die wêreld verloor as sy bestaande kulture sommer net onkrities aanvaar. Daarom is dit belangrik dat die nodige erkenning aan kultuur gegee word.

Die Toerustingsburo vir Interkulturele Werkers (TIW)

Die Toerustingsburo vir Interkulturele Werkers (TIW) het toerustingsprogramme ontwikkel wat gelowiges help wanneer hulle kultuurgrense moet oorsteek in ons *diens-en-getuienisbedienings*.

Daar is baie verskillende soorte kultuurgrense. Etniese kulture is maar een daarvan. Dit bied weliswaar seker een van die grootste uitdagings omdat die verskille tussen etniese kulture dikwels groot kan wees. Daar kan egter ook “kerkkulture” en “godsdienstkulture” binne dieselfde etniese kultuur wees. So is daar ook verskillende kultuurgroepe binne dieselfde sosiale opset. Die jeug het bv dikwels hulle eie tipe kultuur.

Wanneer ons enige kultuurgrens moet oorsteek in ons *diens-en-getuienisbediening* stel dit besondere eise. TIW se toerusting bied 'n breë raamwerk vir gelowiges om enige tipe kultuurgrens te kan oorsteek om in woord en daad die evangelie te verkondig.

Die toerusting en fasilitering sluit sake soos die volgende in:

- Die wyse waarop kultuur in ons lewens funksioneer;
- Die gevare en uitdagings waarvoor gelowiges sensitief moet wees wanneer hulle oor kultuurgrense beweeg;
- Die groot uitdaging van sinvolle kommunikasie oor kultuurgrense. Dit word uit verskillende hoeke belig;
- Ons gee spesifiek aandag aan kruis-kulturele verkondiging van die evangelie;
- Ons kyk ook na maniere waarop gelowiges kontak maak en verhoudinge bou met onbekende kultuurgroepe of –gemeenskappe.

Die elemente waaroor ons saamstem in die erediens is....

Die opgestane Christus is sentraal in die erediens en liturgie. Die erediens gee simbolies uitdrukking aan 'n geloofsgemeenskap se verstaan van tyd - Sondag as opstandingsdag. Wanneer die liturgie Jesus Christus se opstanding in herinnering roep, is daar 'n sterk dimensie van *diens en getuienis in eenheid*. Ons vier immers die lewe, die oorwinning oor die magte en die dood.

Ons fokus hier verder op slegs vier betekenisvolle handeling wat Sondae in kerkgeboue se liturgiese ruimte afspeel.

4.3.2.1 Aanbidding

In haar *aanbidding* onderskei die gemeente haar van die omringende wêreld, maar is die kerk tog as alternatiewe Christelike gemeenskap inklusief. Die doop in die naam van die Drie-enige God beteken 'n nuwe identiteit wat in die wêreld sigbaar moet word.

Wanneer die gemeente die Drie-enige God as Skepper, Verlosser en Voleinder aanbid, word alle ander vorme van gesag, owerheid en politiek ondergeskik gestel. Beskouings oor mag en maniere van sosiale verkeer word nou in Christus met liefde gevul. Ons leef vanuit die ontmoeting met Christus in die erediens uitwaarts, gasvry en vrugbaar.

Omdat almal in die erediens welkom is, maar meer nog omdat die erediens op Christus fokus, beliggaam die erediens 'n nuwe verhaal en nuwe verhoudinge.

Die aanbidding van die God wat die wêreld so liefhet dat Hy sy Seun gegee het, dring ons om uit te reik na 'n wêreld in nood.

4.3.2.2 Voorbidding

Daarom loop aanbidding ook altyd uit op *voorbidding*, vir alle mense, maar spesifiek ook vir die owerheid. Die owerheid is verantwoordelik vir die sosiale en ekonomiese welstand van sy onderdane. Daarom is hierdie 'n sterk Bybelse opdrag wat ons ongelukkig dikwels verwaarloos.

Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir die wat regeer en almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid. (1 Tim 2:1-2)

Hierdie is nie sommer net 'n piëtistiese of naïewe pleidooi nie, maar 'n fundamentele handeling wat getuig van sosiale verantwoordelikheid en versorging. Egte voorbidding getuig van vertroue in die voorsienige regering van die Drie-enige God in die skepping.

4.3.2.3 Die Woord van God

As Gereformeerdes glo ons dat die *Woord van God* sentraal staan in die erediens. Die Woord van God wat verkondig word is nie leë woorde nie. God is self daarin teenwoordig en werksaam. Daarom is dit 'n woord van hoop en lewe. Dit bevat nuwe taal met 'n ander logika as dié van die

samelewing (Jes 55:8-9). Die verhaal van die Bybel deurbreek die gangbare grense en vooroordele van ons samelewing. Dit is 'n verhaal oor die Brood van die lewe. Oor bevryding van alles wat ons gevange hou en van alle magte. Dit is 'n verhaal van liefde vir vreemdelinge en vyande. Dit is 'n verhaal van versoening. Die verhaal van die nuwe volk van God wat kom uit elke volk, stam en nasie.

So sal die woord wat uit my mond kom ook wees: dit sal nie onverrigter sake na My toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het (Jes 55:11).

Ja, dit is 'n verhaal van die onmoontlike.

Deur deelnemend te luister, te glo, die verlossing te vier en God te eer kry ons teenwoordigheid in die erediens die karakter van *diens en getuienis in eenheid*.

4.3.2.4 Die sakramente

Die *Sakramente* is sigbare, heilige tekens en seëls wat God ingestel het sodat ons die genadekarakter van die evangelie nog beter kan verstaan.

Die *doop* bevestig dat ons in 'n nuwe verhouding met God en Christus lewe. Dit is gegrond op God se genadehandeling in Christus se sterwe en opstanding. So gee die doop aan ons 'n nuwe identiteit in Christus (Rom 6:3,5). Ons ou sondige lewe het saam met Christus aan die kruis gesterf, sodat “ons vir die sonde dood is en nou vir God lewe” (Rom 6:11). In die doop is ons almal een in Christus en word ons almal geroep tot *diens en getuienis in eenheid*.

Aan die *tafel van die Here* eet gelowiges die brood en drink die wyn om as nuwe gemeenskap hulle roeping teenoor die samelewing te bevestig. Ons *diens en getuienis in eenheid* begin hier by die tafel omdat dit 'n verbondsmaal en liefdesmaal is. Die stukkie brood en slukkie wyn verbeeld 'n alternatiewe ekonomie wat geen skaarste, onreg, of uitbuiting ken nie, maar slegs gawe, barmhartigheid en geregtigheid. Die nagmaal praat die taal van verwelkoming, genade, versoening en hoop.

Francois Wessels herinner ons dat die brood en wyn die vroeë kerk nie net aan Jesus se dood laat dink het nie. Dit was ook 'n bring-en-deel-ete waar ryker gelowiges hulle kos met armer medegelowiges kon deel. David Bosch beskryf spesifiek die Lukas-evangelie as die Evangelie vir

die rykes en die armes, waarin Jesus die vreemdelinge en buitestaanders inbring om eregaste te wees by God se banket.

4.3.2 Die Gemeente

Die kerk van Christus het in hierdie wêreld eintlik net een taak, naamlik om te getuig van die groot dade van God. Hierdie getuienis van die kerk word bepaal deur die diens van Christus (Matt 20:28). Daarom word die kerk omskrywe as 'n gemeenskap van diensbetoning (2 Kor 9:1; 1 Pet 4:10), in 'n besondere sin diens aan behoeftiges.

Die gemeente as saamleefverband begin haar bediening van *diens en getuienis* binne die gemeenskap waar sy leef. *Diens en getuienis in eenheid* kring egter ook uit ver buite die grense van die gemeente en haar onmiddellike gemeenskap.

Die ryke verskeidenheid van bedieningsaktiwiteite bied aan gelowiges wonderlike geleenthede om hul roeping uit te leef. Sommiges word selfs afgesonder (vgl Hand 13:1), om die behoeftes en nood van mense raak te sien binne en buite die plaaslike konteks en om persoonlik, direk en kreatief daarop te reageer.

4.3.2.1 Die gemeente word nie gedien nie, maar dien

Die gemeente is op voetsoolvlak by die bediening betrokke as die subjek wat gaan dien en getuig. Die gemeente is nie eerstens die objek wat bedien moet word en teenoor wie getuig moet word nie. Dit gaan ook oor die behoeftes van lidmate, maar dit is nie die gemeente se primêre bestaansdoel nie. Gemeentelede moet verstaan dat *diens en getuienis in eenheid* nie om die lidmate of predikant gaan nie, maar om die liefde van Christus wat my dring om ander se behoeftes raak te sien en te hanteer.

Die drang om Christus se liefde bekend te maak motiveer dus die gemeente. So funksioneer die gemeente inderdaad almeer as liggaam van Christus. As liggaam van Christus fokus ons in ons bediening op ons roeping, gawes, dankbaarheid en God se uitnodiging. Dit behels onder andere dat ons gelowiges oproep tot die uitlewing van hulle priesterskap, die priesterskap van alle gelowiges (1 Pet 2:9-10). Hulle leef as priesters deur getuienis en diens, deur prediking, lering en voorbeeldige lewe.

As ons die gemeente se bediening só wil fokus, moet ons die lidmate daarvoor toerus (Ef 4:12). Ons moet ook die strukture skep wat bedieninge deur lidmate moontlik maak en ondersteun.

4.3.2.2 Holistiese bediening – in gemeenskap met mekaar

Die sterker fokus op roeping, gawes, uitnodiging en dankbaarheid in die verstaan van gemeentebediening bring ons nader aan die Gereformeerde tradisie van kerkwees. Daarby sluit die idee van *ubuntu* ook aan. Dit is 'n baie sterk element van baie Afrikakulture. As gemeente in die Afrikakonteks daag dit ons ook uit om meer holisties te dink oor ons bediening van *diens en getuienis in eenheid*. Ons *diens en getuienis* raak effektief juis in gemeenskap met mekaar, in ons eenheid as liggaam van Christus.

Individualisme is uit pas met hierdie tipe kerkbegrip. Ongelukkig is dit juis die tipe kultuur wat baie van ons met moedersmelk ingekry het ...

Vir Sider (2002:36-44) vertoon 'n holistiese bediening 'n aantal kenmerke:

- Die bedienings van *persoonlike geestelike transformasie* het uiteindelik sosiale verandering op die oog;
- *Diens* is 'n bediening waardeur ons mense se nood aanspreek en is die manier om die evangelie in daardie omstandighede te bring;
- Die bediening van *versoening* getuig van die eenheid wat Christus moontlik maak;
- *Gemeenskapsontwikkeling* is 'n uitdrukking van God se liefde vir die wêreld - vir alle mense;
- Die bediening van *geregtigheid* versterk mense se identiteit in Christus;
- Ons bereik *moedeloses en skeptici* deur prakties te wys dat die kerk, as liggaam van Christus, 'n verkil maak in mense se lewens.

Die *teologiese motivering* vir ons *diens en getuienis in eenheid* is dat die Koninkryk van God die kern van ons lewe vorm – dit deursuur, vernuwe, verander en heilig ons hele lewe.

Die Bybel wil mense se lewe in sy kern verander. Daarom moet ons mense in hulle eie leefwêreld ontmoet en Christus daar beliggaam. *Diens*

en getuienis kan slegs 'n langtermynbediening wees, want dit het alles te doen met verhoudinge.

4.3.2.3 Sien, hoor, dink en doen

Hoe lyk die gemeente se *diens-en-getuienisbediening* dan in die praktyk? Hierdie bediening gebeur in die eerste plek deur *te sien, te hoor, te dink en te doen*.

Ons kan nie die sake waarby *diens en getuienis* prakties betrokke is, soos armoede en nood, betekenisvol hanteer sonder goeie insig en kennis van die omstandighede nie. As ons wil voldoen aan die praktiese bedieningsuitdagings moet ons blootstelling kry aan persone in nood, self die spesifieke situasie van nood gaan waarneem en ervaar.

Die “kenners” is hulle wat met die uitdagings saamleef en in die situasies oorleef. Daarom moet ons sien en hoor en dink. Saamdink. Nie op ons eie nie, maar saam met die mense in nood.

Die gemeente kan dus nie hierdie bediening alleen aanpak nie. Die gemeente is deel van en verbind tot die plaaslike gemeenskap. Daarom vind die bediening in vennootskap met ander plaas.

4.3.2.4 Vennootskap met ander

Vennootskappe hoort by al die gestaltes van die kerk, maar ons verkies om dit hier te beskryf.

Goedgestruktureerde gemeentes (soos in die Gereformeerde tradisie) bied 'n kanaal om op voetsoolvlak saam met gemeenskapsorganisasies by sosiale ontwikkeling en diens aan gemeenskappe betrokke te raak. Gemeenskapsforums bied aan verskillende instansies die geleentheid om vennootskappe te vorm om die nood in die gemeenskap te verlig.

Die vennootskap word self 'n geleentheid vir dienslewering en getuienis in die wêreld. Die kerk moet uiteraard haar identiteit en betrokkenheid by sodanige forum duidelik verklaar. Anders kan die samelewing die kerk maklik beskou as bloot net nog 'n humanistiese instelling soos enige van die ander vennote.

By die stigting van 'n vennootskap vir gemeenskapsbediening behoort gemeentes van Christus ten minste **vier pilare vir die identiteit van die vennootskap** te vestig:

- Eenstemmigheid oor waardes;
- Eenstemmigheid oor die nood en die uitdaging wat gehanteer moet word;
- Duidelike beskrywing van wat ons gaan ontwikkel en hoe ons gaan opereer;
- 'n Visie van dit wat saam bereik kan word.

Konferensie oor vennootskappe in KZN

Botha van Aarde (PSD Gemeenskapsbedieninge KZN) skryf dat Dons Kritzinger by 'n konferensie oor vennootskappe wat gehou is deur die NG Kerkfamilie in Kwazulu-Natal die volgende beklemtoon het:

1. Om die konsep van vennootskappe binne die Christelike geloofsgemeenskap te verstaan, moet ons by die Bybelse konsep oor **sending (getuienis)** begin.

Sending het drie dimensies:

- a. **Verkondigingsdimensie (*kerugma*)**. Dit beklemtoon die ou verstaan van sending as die verkondiging van die evangelieboodskap.
- b. Dit het egter ook 'n **barmhartigheidskant (*diakonia*)**. Mense sien en beleef God se liefde en genade in die manier waarop ons dit regkry om hulle in hulle nood by te staan. Ons sendelingvoorouers het dit goed verstaan toe hulle in die agtiende en negentiende eeu “sendingstasies” met skole, hospitale, kinderhuise en ander materiële hulpstrukture opgerig het.
- c. Ons vergeet egter dikwels dat sending ook 'n **verhoudingsdimensie (*koinonia*)** het. Ons kan eintlik nie die evangelie aan mense demonstreer as ons nie 'n verhouding met daardie mense bou nie. Om in 'n verhouding te tree (saam die pad te stap) is eintlik maar die enigste moontlikheid wat ons het om 'n sukses van die ander twee dimensies, *kerugma* en *diakonia*, te maak.

Dit alles moet natuurlik onder die leiding van die Heilige Gees plaasvind wat ons toerus en help en troos.

2. Wat het dit nou met vennootskappe te make?

As ons oor **vennootskappe** praat, dan praat ons oor **verhoudings (*koinonia*)**. Dit kan tog nie anders wees nie! Vennootskappe is dus niks anders as samewerkingsverhoudings nie. 'n Verhouding waarin kerke, gemeentes of individue tree met die doel om op die een of ander terrein saam te werk. So verstaan Dons drie vlakke van samewerkingsverhoudings waarin ons met mekaar kan tree.

Vlak 1 – Netwerking (“networking”)

Dit is 'n losse verhouding waarin onafhanklike partye tree sonder om hul onafhanklikheid te verloor. Jy sou selfs kon kom en gaan in die netwerk soos dit jou pas. Die beste voorbeeld van sulke netwerke is natuurlik die internet. Die internet *connect people!* Jy kan byvoorbeeld aan die sosiale netwerke soos *facebook* en *twitter* deelneem soos en wanneer jy wil. Niemand se funksionering en onafhanklikheid kom op die spel nie.

Vlak 2 – Samewerking (“co-operation”)

In hierdie verhouding werk die partye saam na 'n gemeenskaplike doel. Interafhanklikheid tree na vore, omdat ons beseft dat die gemeenskaplike doel beter en makliker bereik sal word wanneer almal se gawes en talente saamgevoeg word. Die een party het die ander party nodig, maar albei behou hulle onafhanklikheid. Miskien is die beste voorbeeld van samewerking in die Bybel wanneer Paulus vir die gemeente van Korinte sê hy plant, Apollos gooi nat, maar dit is God wat laat groei. Samewerking ter wille van die gemeenskaplike doel, die heerlijkheid van God.

Vlak 3 – Vennootskap (“partnership”)

Hier raak interafhanklikheid en samewerking so heg dat 'n nuwe entiteit ontstaan. So 'n nuwe eenheid (“*unit*”) vra 'n kontrak of verbond met mekaar. 'n Vennootskap is dus 'n baie meer formele verbintenis. Goeie voorbeelde van vennootskappe waar individuele partye 'n nuwe entiteit tot stand bring, is 'n huwelik of 'n regs- of mediese praktyk. Die vraag kan gevra word of 'n denominasie nie inderwaarheid 'n vennootskap van individuele gemeentes is nie. So verstaan raak die denominasie meer as die somtotaal van al die gemeentes. 'n Nuwe entiteit (Ring/Sinode) kom tot stand.

Dit sou natuurlik 'n goeie oefening wees as jou kerkraad, of betrokke kommissie, die verhoudings waarin julle gemeente staan aan die bogenoemde beskrywings toets. Besluit in watter verhoudings die gemeente staan en besluit dan of die verhouding 'n vennootskap, samewerking of netwerk is. 'n Verhouding kan bly wat dit is, of groei na 'n volgende vlak toe, afhangend van die uitkomst wat met en in die verhouding bereik wil word. Maak seker dat al die partye in die betrokke verhouding verstaan op watter vlak die verhouding lê. Dan verwag ons nie te veel van 'n bepaalde verhouding nie. Aan die ander kant moet ons altyd vra of ons nie iets nuuts, 'n nuwe entiteit, tot stand moet bring ter wille van die Koninkryk van God nie. Waaroor ek wel sekerheid gekry het, is dat ons nie alleen kan of mag werk nie!

4.3.3 Die kerkverband

Die vrug en voorspoed van 'n gemeente se bediening van *diens en getuienis* mag nooit lei tot 'n neiging van onafhanklikheid, isolasie en selfgerigtheid (independentisme) nie. Gemeentes het mekaar nodig en behoort in Christus aan mekaar.

Die Nuwe Testament lê besondere klem op die verband tussen gemeentes van Christus. Christus is die band tussen gemeentes (Op 1:9-20). Die apostels het ook met hul reise na en briewe aan verskillende gemeentes die verband tussen die gemeentes gedien en die onderlinge eenheid beklemtoon.

“Kerkverband behoort tot die wese van die kerk, nie maar net tot die welwese, sodat ons eimagtig kan besluit of dit nodig is en hoeveel daarvan nodig is nie” (Smit, 2008:108). Kerkverband is dus self 'n bediening van *diens en getuienis in eenheid*.

Ons geskiedenis is vol van *diens en getuienis in eenheid* wat deur die kerkverband gedoen is. Evangelisasie was die uitgangspunt, maar die benadering was holisties. Die Bybel is in baie tale vertaal en geestelike literatuur is ontwikkel. Op onderwysgebied is van primêre tot tersiêre inrigtings opgerig. Mediese en paramediese dienste, klinieke, hospitale en spesiale sorgeneenhede is wyd gevestig. Die versorging van dowes, blindes en wese het aandag gekry. Landbou en tegnologie is ook ontwikkel.

Op daardie stadium was dit nie projekte van individuele gemeentes nie. Dit was die gesamentlike werk van die kerkverband, gedra deur die gemeentes se bydraes en voorbidding.

Die rol van die kerkverband (ring, sinode en algemene sinode) ten opsigte van *diens en getuienis in eenheid* is dié van ondersteuning met visionering, konseptualisering en koördinerings:

- **Visionering**

Die kerkverband wil gemeentes help om nie vas te val in hul eie situasie deur na-binnegekeerd te leef nie. Die verband moet gemeentes bewus maak van hul uitwaartse identiteit en roeping. Hulle moet die gemeentes in staat stel om die “groter” prentjie van die samelewing (konteks) te lees. Gemeentes moet gedurig herinner word aan geleenthede vir diens en getuienis.

- **Konseptualisering**

Dit is die taak van die kerkverband om teologiese en praktiese inhoud te gee aan die *diens-en-getuienisbediening* deur 'n proses van konseptualisering.

- **Koördinerings**

Kerkverband skep kapasiteit vir *diens-en-getuienisbedienings* wat te groot is vir slegs een gemeente, soos: kinderhuise, ouetehuse, vigsbedienings. Dit is bedienings wat wel in die gemeentes plaasvind, maar met die ondersteuning van die kerkverband.

- **Kundigheid en professionele dienste**

Die kerkverband ondersteun ook gemeentes met kollektiewe kundigheid en professionele dienste, soos maatskaplike werkers en andere.

- **Die ontginning van bronne**

Diens en getuienis in eenheid is 'n nasionale en selfs internasionale saak. Kerkverband bied in dié opsig institusionele identiteit vir onderhandelings en vennootskapsvorming rondom groter projekte.

- **Teologiese Opleiding**

Die Kerkverband doen nie net formele teologiese opleiding vir sy eie predikante nie, maar bied ook ander opleiding soos deur Nehemia Bybelinstituut, Toerustingsburo vir Interkulturele Werkers en Sokhanya Bybelskool (almal institute wat deur die NG Kerkfamilie geïnisieer is, maar wat ver buite ons eie grense 'n diens lewer om kerkleiers toe te rus).

Nehemia Bybelinstituut

Die Nehemia Bybelinstituut is in 1992 deur Bybelkor se afdeling vir missionêre bedienings begin. Dit is ontwerp om te voorsien in die behoeftes van kerkleiers in die Afrikakonteks wat nooit die geleentheid vir teologiese opleiding gehad het nie. Die vernaamste teikengroep is dus die leiers van die sg onafhanklike kerkies (in Engels "African Initiated Churches" – AICs).

Groot getalle Christene in Afrika behoort aan dié kerke, maar hulle kry dikwels 'n ietwat afgewaterde vorm van die evangelie weens hulle leiers se gebrek aan kennis en opleiding. Dit geld selfs ook van gevestigde kerke, waar daar 'n toenemende tekort aan opgeleide leraars is, met die gevolg dat sg “leke” 'n groot deel van die bediening moet behartig.

Deur al dié tipe leiers toe te rus met Bybelkennis en vaardighede vir leierskap en bediening, glo ons dat die NBI 'n wesenlike verskil maak aan die groei van die Christelike kerk op ons kontinent. En dié groei gaan nie net oor getalle nie, maar veral oor geestelike diepte.

Die kursus dek 'n baie wye spektrum van opleiding vir kerkleierskap en bediening. Bybelkunde is die fondament van die kursus. 'n Hele aantal kursusse is gemik op persoonlike geestelike groei. Dit begin met die basiese verlossingsboodskap. Dan is daar iets oor gebed, geestelike onderskeidingsvermoë, rentmeesterskap en leierskap. Ons probeer die kerkleier se verhoudingslewe uitbou in kursusse oor die huwelik en gesin. En verder fokus ons baie op die kerk. Wat is die kerk? Hoe het die kerk ontwikkel in die geskiedenis (veral in Afrika). Hoe bou ons die kerk? Die leerders ontwikkel vaardighede om die Bybel te bestudeer, te preek, dissipels te maak, die jeug te bedien, vroue te betrek, eredienste te hou, die sangbediening te lei, evangelisasie te doen, uit te reik na mense met ander godsdienste, konflik te hanteer en betrokke te raak in die samelewing, en spesifiek in die stryd teen vigs.

In die byna 20 jaar het meer as 4 500 kerkleiers reeds ingeskryf vir die kursus. In 2010 alleen het ons 956 nuwe leerders geregistreer. In dié jaar het 361 studente sertifikate ontvang van die Universiteit van Pretoria wat ook die kursus akkrediteer.

Die kursus word nou reeds in meeste van die lande in Suidelike Afrika gebruik: Zimbabwe, Mosambiek, Malawi, Zambië, Namibië, Botswana, Swaziland en Lesotho. Verlede jaar het 23 studente in Madagaskar die kursus voltooi. Die Nehemia Bybelkollege in Indië het in 2010 ook begin om dit per korrespondensie aan te bied.

Na die voltooiing van die kursus het een kerkleier getuig: *Die kursus het my hele lewe verander. Dit het my manier van gesels met mense verander, my prediking, my gebedslewe, my omgang met die Woord. Ek is toegerus om verskillende mense te help: die armes, die tieners, kinders en grootmense. Ek weet nou hoe om die gemeenskap te help om aan mekaar diens te lewer. My huwelik het ook daarby gebaat.*

4.3.4 Die ekumeniese kerk

Ekumeniese verhoudings is nie beperk tot die werksaamhede van 'n bepaalde kommissie van die kerk nie. Die hele kerk, elke kerkraad, ring en sinode is en behoort by ekumeniese verhoudings betrokke te wees. Dit is veral ook waar van *diens en getuienis in eenheid* in verskillende kerklike gestaltes en kontekste.

Die doel van ekumeniese verhoudings is om:

- die eenheid van Christus se liggaam op aarde sigbaar te maak – soos in *Faith and Order* (by die Wêreldraad van Kerke);
- die kerk se getuienis herkenbaar en geloofwaardig te laat wees – soos in die Wêreldraad se *Mission and Evangelism*;
- verskillende gestaltes van nood in die wêreld te hanteer – soos die Wêreldraad van Kerke doen deur *Life and Work*.

Die ekumeniese *diens-en-getuienisbediening* het profetiese, koninklike en priesterlike dimensies. Dit lewer bv *profetiese* getuienis oor die regte van verdruktes en die ekologie. Dit tree *koninklik* op deur aktiwiteite, inisiatiewe en groepe te organiseer rondom nood en lyding. Dit lewer *priesterlike* dienswerk deur offergawes van voorbidding, offervaardigheid, en hulpverlening. Daar is ook ander vorme van priesterlike diens, beide deur vrywilligers en voltydse personeel.

In ons dag fokus die ekumeniese beweging veral saam op die nou verband tussen ekklesiologie (kerkwees, leer) en etiek (lewe, sosiale agendas en betrokkenheid). Ons soek en werk ernstig saam om die tradisionele gapings, skeiding en spanning tussen Christene en denominasies te oorbrug. Deur die ekumene wil die breë kerk saam Christus se evangelie aan die gemeenskap bedien. In eenheid.

Volgens Christensen is 'n nuwe ekumeniese gees aan die ontwikkel. Kerklidmate het minder lojaliteit teenoor slegs een denominasie of godsdienstige affiliasie. Hierdie nuwe ekumeniese gees sluit aan by 'n kerkbegrip waarin daar minder klem gelê word op rasonale elemente soos belydenisse, teologiese argumente en korrektheid. Verhale, getuienisse van God se werk en die viering van die lewe word baie meer integraal in ons bediening. Daarin sien ons ook duidelik Afrika se invloed.

Dit is ook waar dat ons met 'n Koninkryksperspektief die nood rondom ons meer effektief kan hanteer. Ekumeniese samewerking maak dit vir die kerk makliker om met ander vennote soos die staat en industrie te onderhandel. Die rol van die ekumeniese kerk is dus dieselfde as by die kerkverband, nl om te ondersteun en bemagtig, maar in 'n groter konteks.

Sokhanya Bybelskool

In Afrika groei die Christendom vinniger as in enige ander deel van die wêreld. Ongelukkig is die gesegde dikwels waar dat die stroom baie breed loop, maar erg vlak. Een van die kernprobleme is 'n gebrek aan diepgaande, gebalanseerde Skrifkennis. Dit lei dikwels tot 'n hopelose versplintering van geloofsgroepe. Die bediening van die Sokhanya Bybelskool fokus doelbewus op hierdie aspekte.

Die bediening het ontstaan op versoek van leiers van onafhanklike kerke in die Kaapse Skiereiland. 'n Kontekstuele bedieningsgerigte Bybelprogram is vanuit die praktyk ontwikkel. Ons dek die hele Bybelse kanon in ses semestermodules. Die program beoog om 'n verantwoordelike teologiese verwysingsraamwerk by die studente te vestig. Uiteindelik moet hulle self die Bybel in hulle persoonlike lewe en bedienings kan hanteer. Ons behandel al die belangrike Afrika-relevante geloofstemas en hanteer spesifiek misverstande en wanpersepsies wat algemeen in dié kerke voorkom.

Sokhanya is reeds die afgelope 20 jaar besig met opleiding van gelowiges uit alle denominasies. Daar is Katolieke en Protestante, Christene uit charismatiese groepe en selfs uit westerse kerke. 'n Groot komponent behoort egter aan 'n verskeidenheid van Onafhanklike Afrika Kerke, soos die Sioniste en ander Apostoliese groepe.

Omdat die Bybel as enigste handboek gebruik word voel almal tuis en word wonderlike ekumeniese bande op persoonlike vlak tussen leiers gevestig. Alle ampte word betrek, van predikers tot aartsbiskoppe. Die studente is ook van alle ouderdomme en daar is heelwat vroue. Geen skoolstudies word gestel nie. Alle klasse en kursusse word in Xhosa aangebied.

Die werk bestaan uit twee komponente:

- Weeklikse aandklasse op verskillende plekke in die Kaapse Skiereiland. Elke jaar woon tussen 80 en 90 persone die weeklikse klasse by.
- Ons het ook die materiaal wat algaande in die klasbesprekings ontwikkel het, in 'n korrespondensiekursus verwerk en bedien daarmee tussen 100 en 120 persone op verskillende plekke dwarsdeur Suid Afrika.

4.3.5 Die individu

Die kerk bestaan uit gelowiges, navolgers van Christus, wat elke dag in die wêreld leef en werk. Tradisioneel dink ons aan hierdie individuele gelowiges as morele agente wat verantwoordelikheid neem vir die politieke, ekonomiese en sosiale konteks. Hulle moet in daardie konteks optree as getuies van die evangelie.

Die Bybel beklemtoon dat individuele gelowiges eendag voor die regterstoel sal staan: "Elkeen van ons sal dus oor homself aan God moet rekenskap gee" (Rom 14:2; vgl Matt 25).

Diens-en-getuienisbedienings deur individuele gelowiges is nie altyd formeel georganiseer nie. Dit gebeur waar gelowiges werk en beweeg. Hulle doen dit deur eenvoudig hulle naaste lief te hê soos hulleself. Dikwels doen hulle dit deur in hulle alledaagse beroepe die gemeenskap te dien tot eer van die Here. Ons kan dus in enige beroep diens en getuienis lewer deur ons werk tot eer van die Here te doen en nie soos vir mense nie. Lidmate is dikwels ook betrokke by gemeenskapskomitees soos die beheerrade van skole, hospitale en welsynsorganisasies.

4.3.6 Vrywillige inisiatiewe en aktiwiteite

Die kerk bestaan uit gelowiges wat as gawe aan mekaar en aan die wêreld gegee is. Navolging van Christus omspan die totale lewe en die priesterskap van elke gelowige. Navolging word sigbaar in die verskillende gestaltes van die kerk in die wêreld.

Ons sien een van dié gestaltes van die kerk wanneer individuele gelowiges vrywillige organisasies vorm wat gerig is op spesifieke bedienings. Hierdie groepe waarby gelowiges self kies om aan te sluit is vrywillige bewegings of projekte wat die ekumeniese kerk in die samelewing verteenwoordig. As vrywilligers werk hulle dan saam om in verskillende kontekste en met verskillende fokusse te dien en getuig en so die evangelie uit te leef (bv arbeidsbediening; omgewingsorgansies; ander publieke getuienisaksies).

Daar is heelwat sulke vrywillige organisasies, buite die institusionele kerk, wat fantastiese werk doen ten opsigte van *diens en getuienis in eenheid*. Hierdie organisasies is betrokke op vele terreine byvoorbeeld maatskaplike welsynsdienste, maatskaplike ontwikkeling, onderwys en

opleiding en die versorging van siekes. Daar is ook organisasies wat op evangelisasie en Bybelverspreiding fokus.

Hierdie organisasies sluit gewoonlik aan by verskillende behoeftes en kontekste.

4.3.7 Die gesin

Ons voeg die gesin as sewende gestalte van die kerk by bg ses. Ons doen dit omdat ons oortuig is dat die gesin volgens die Bybel 'n belangrike rol moet speel in die kerk en die wêreld.

Ons sien God se verhouding met gesinne as 'n verbondsverhouding met 'n onmiskenbare missionêre perspektief.

Dit is duidelik dat God dikwels met een persoon begin, maar tog steeds 'n wyer groep in gedagte het. Die individue staan dikwels as verteenwoordigers van die gesinne wat God gebruik. God sluit sy verbond met Abram, maar tog is Sara en Isak volledig deel daarvan.

In die tien gebooie, as die “grondwet” vir Israel se verbondsverhouding met God, kom die gesin ook ter sprake. Ons kry die opdrag om ons vader en moeder te eer. In Deut 6 kry ouers weer die opdrag om God se gebooie en sy verhaal met sy volk gedurig by hulle kinders in te skerp. God se beloftes sluit ook altyd die kinders in bv Hand 2:39, *Wat God belowe het, is vir julle en julle kinders...*

Reg deur die Bybel lees ons hoe God in en deur gesinne werk om sy wil bekend te maak. Enkele voorbeelde uit die Ou Testament: Noag en sy hele gesin word begenadig tydens die sondvloed. God gebruik vir Jakob en sy gesin om die destydse “wêreld” te red van hongersnood. Hosea en sy gesin dien as lewende getuie van God se oordeel, maar ook van sy onveranderlike liefde.

In die Nuwe Testament vind ons nog gesinsverhale, maar veral ook die sg huistafels (Ef 5:21-6:9, Kol 3:18-4:1, 1 Pet 2:18-3:7). Daaruit blyk dat gesinne “oop” strukture gehad het. So is slawe en slavinne bv gereken as deel van die gesin. Die motivering vir slawe om hard te werk, vir huweliksmaats om in eerbied teenoor mekaar te leef en vir kinders om gehoorsaam te wees aan ouers, is telkens die feit dat ons aan die Here behoort.

Gesinne is 'n wesenlike deel van God se bemoeienis met hierdie wêreld.

Daar kom blykbaar meer as 40 verskillende familiestrukture in die Ou- en die Nuwe Testament voor. Dit is dus verkeerd om die Westerse kerngesin en familiestatus van die 21ste eeu op Bybelstekste te projekteer.

'n Gesin se kultuur is tyd- en konteksgebonde. In die lig hiervan kan Müller (2009:11) se omskrywing van gesinne ons dalk help, ook binne die konteks van Afrika en ons gebroke leefwêreld. Hy dink aan die gesin as 'n verhalende sisteem, wat subjektief beskryf moet word. Daarmee bedoel hy dat enige groep wat hulleself beskryf en beleef as 'n gesin, as sodanig aanvaar moet word. “Gesinne word deur verhale gekonstitueer en nie deur objektiewe maatstawwe en definisies waarmee van buite besluit word wat 'n gesin is en wat nie.”

VAM (2001:25) lê klem op die belangrikheid van die huishouding in die hantering van nood in ons konteks. Hulle verstaan 'n huishouding as beide die mense en fisiese strukture. Die huishouding is die produk van die interaksie tussen diverse stelsels. Dit is waar alles vir mense bymekaarkom – ekonomie, geloof, verhoudings, ens.

Die manier waarop die gelowige gesin hierdie sake hanteer kan 'n bediening van *diens en getuienis in eenheid* aan die gemeenskap wees. *Diens en getuienis* is dikwels 'n lewenshouding of ingesteldheid wat ons uitstraal terwyl ons langs mense gaan staan in hulle nood en met hulle identifiseer. Daarin is verhoudings van wesenlike belang. En die gesin is juis die mees natuurlike vorm van verhoudings.

Vanuit die teologiese én praktiese oogpunt is die gesin en huishouding dus deurslaggewend belangrik vir *diens en getuienis in eenheid*. Ook ander bedieninge van die kerk soos prediking, kategeese en jeugbediening fokus al sterker op die gesin.

Die teologiese perspektief plaas die verbondskarakter van die gesin op die tafel. In die Bybel vervul families en gesinne 'n belangrike rol in die versorging van mense. Die gesin word dikwels gesien as die kerk in die klein. Die kerk word ook God se huisgesin genoem (Ef 2:19).

Die gesin is die natuurlike kleingroep waar bediening plaasvind en dus ook die leerskool vir 'n bediening van *diens en getuienis in eenheid* (Kol 3:18-4:1; Ef 5:21-6:9).

Die invloed van gesinne op vriende en die wyse waarop gesinne binne bepaalde vriendekringe mekaar bedien, is belangrik. 'n Gesin se leefwyse is as sodanig 'n getuienis en beïnvloed vriendekringe.

Hoofstuk 5

Die pad vorentoe

5.1 Die fokus van die boek

Die fokus van hierdie boek is op die konsep van *diens en getuienis in eenheid*. Dit is die konsep waarop die bestaan van die VDDG gebaseer is. In hoofstuk 2 dui ons aan hoe die VDDG ontwikkel het uit 'n groeiende verstaan en implementering van hierdie teologiese konsep. Die verhaal van dié proses help ons om die eintlike betekenis van dié konsep uit 'n kontekstuele en historiese perspektief te verstaan. In hoofstuk 3 doen ons 'n ontleding van die VDDG se beleidsdokument waarin hierdie konsep amptelik geformuleer is. Ons ondersoek en verduidelik die Bybelse en teologiese grondslag van die beleidsdokument. In die laaste hoofstuk speur ons die praktiese implikasies van die konsep na. Die vraag is: Hoe doen ons prakties *diens en getuienis in eenheid*? Ons kyk na die praktiese implementering van die konsep in sewe verskillende gestaltes van die kerk.

5.2 Hoe gaan ons nou verder?

Die vraag is nou: Hoe gaan ons hiervandaan verder? Wat behoort te gebeur as uitvloeisel van hierdie publikasie?

In die heel eerste paragraaf van die boek het ons gesê dat hierdie die eerste publikasie in 'n reeks is. Ons het aangedui dat die VDDG beplan om, op grond van hierdie boek, 'n reeks werkboeke te ontwikkel vir die NG Kerkfamilie se uitreikbedienings. Met ander woorde, hierdie boek is net die inleiding en teologiese fondament vir daardie praktiese werkboeke. Die doel is om die konsep te verduidelik en die NG Kerkfamilie te oortuig van die praktiese waarde daarvan.

Die VDDG is vas oortuig dat die konsep van *diens en getuienis in eenheid* die Bybelse gestalte van die kerk se missionêre roeping is. Ons glo dat dit die manier is waarop die NG Kerkfamilie aan die sending van die Drie-enige God moet deelneem in ons eie konteks (in en vanuit Afrika). Ons maak nie daarop aanspraak dat hierdie konsep die enigste model vir die missionêre bediening van die NG Kerkfamilie is nie, maar

ons sê wel met nadruk dat dit 'n duidelike Bybelse riglyn is vir die vormgewing van hierdie bediening. Ons eie geskiedenis van *diens en getuienis* dring ons ook om hierdie koers te volg.

5.3 Kommer

Ons moet toegee dat die konsep van *diens en getuienis in eenheid* huidiglik nog nie in baie van die NG Kerkfamilie se strukture en gestaltes geïmplementeer is nie.

Aan die ander kant is dit bemoedigend dat ons wel 'n paar goeie voorbeelde van die toepassing van hierdie konsep het waarna ons kan verwys. Die VDDG as sodanig is vanselfsprekend een daarvan. Dit kombineer beide *diens* (tradisioneel die *diens van barmhartigheid* of *diakonale diens*) en *getuienis* (wat ons altyd *sending* genoem het) in *een gekoördineerde of verenigde bediening*. Dit verenig egter nie net die verskillende aspekte van die bediening nie, maar is ook 'n *verenigde* poging van al die kerke in die NG Kerkfamilie. As sodanig is dit ook 'n teken van hoop in ons voortgaande stryd om die NG Kerkfamilie te herenig.

Op hierdie stadium is ons grootste kommer dat die VDDG 'n struktuur op die vlak van NG Kerkfamilie se algemene sinodes is. Hoewel sommige van die streeksinodes al soortgelyke strukture ontwikkel het, het baie dit nog nie gedoen nie. Die aantal ringe en plaaslike gemeentes wat hierdie tipe struktuur implementeer is relatief klein. Die groot uitdaging, en daarom ook die doel van hierdie boek, is om die breë kerkpubliek te oortuig dat *diens en getuienis in eenheid* die aangewese weg vir ons missionêre bediening is.

5.4 Aptytwekker

Ons besef dat meer as net hierdie inleidende boek nodig is. As sinodes, ringe en gemeentes entoesiasties moet raak oor hierdie konsep, sal hulle oortuig moet raak van die praktiese waarde daarvan. Hulle sal ook deeglike praktiese riglyne wil hê vir die implementering daarvan. Dit is presies wat die VDDG beplan om te voorsien in die praktiese werkboeke wat in die toekoms gepubliseer moet word.

Die boek in jou hand is net die apptwykker en voorsmaak van dit wat nog moet kom. Ons vertrou dat die lees van die boek jou mond laat water en jou appty laat groei het vir die werkboeke wat op pad is.

Diens en getuïenis in eenheid is inderdaad God se eie bediening waarby ons ook betrek word. Daarom is dit tyd om versigtig na te dink oor die struktuur van ons as NG Kerkfamilie se betrokkenheid by hierdie bediening.

Hoe moet ons missionêre bedienings vorentoe lyk? Watter uitdagings lê God voor die deur van die NG Kerkfamilie op hierdie punt in ons geskiedenis?